

V.E.T.S.A.K. AS SENTRALE AANKOOPKOÖPERASIE

deur

A. M. PRETORIUS

Honns. B.Comm.

—ooo0oo—

Skripsi aangebied ter gedeeltelike voldoening
aan die vereistes vir die graad

MAGISTER COMMERCII (EKONOMIE - BEDRYFSEKONOMIE)

in die

Fakulteit van Ekonomiese Wetenskappe

aan die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT

vir

Christelike Hoër Onderwys

onder leiding van

DR. F. J. J. COETZEE

Januarie 1960.

V O O R W O O R D

Graag wil ek hier my dank betuig aan almal wat my op vriendelike wyse met raad en daad bygestaan het.

In besonder my dank aan dr. F. J. J. Coetzee vir sy voorligting, leiding en inspirasie. Voorts my hartlike dank aan die Raad van Direkteure vir die toestemming om V.E.T.S.A.K. die hoofonderwerp van hierdie werkstuk te maak. Aan mnr. P. J. de Jager, bestuurder van V.E.T.S.A.K., my oopregte dank vir al die moeite en die kosbare tyd wat hy opgeoffer het. My dank ook aan die personeel vir hulle vriendelike medewerking. Aan die personeel van die Kantoor van die Registrateur van Koöperasies my hartlike dank vir die besonderhede deur hulle verskaf.

Laaste, maar nie die minste nie, my dank aan my eggenote vir haar liefdevolle opoffering.

AAN GOD ALLE EER!

—oooOooo—

INHOUDSOPGawe

HOOFSTUK I

INLEIDING

1. Algemeen.
2. Die omvang van die ondersoek.
3. Metode van ondersoek.

HOOFSTUK II

ONTWIKKELING VAN SENTRALE KOÖPERASIES
IN DIE ALGEMEEN

1. Algemeen.
2. Faktore wat aanleiding gee tot die stigting van sentrale koöperasies.
 - a. Handelsfunksies.
 - b. Administratiewe funksies.

HOOFSTUK III

HISTORIESE ONTWIKKELING VAN SENTRALE
AANKOOPKOÖPERASIES IN SUID-AFRIKA

1. Toestande in Suid-Afrika t.o.v. sentrale aankoop voor die stigting van V.E.T.S.A.K.
 - a. Die vroegste ontwikkeling op die gebied van sentrale aankoop - „Central Agency for Co-operative Societies Ltd.”
 - b. Federated Farmers'.
 - c. Faktore gedurende en na die oorlog wat gelei het tot 'n vermeerdering in koöperatiewe aankoop van landboubenodigdhede.
 - d. Boeresake (Federaal Koöperatief) Bpk.
 - e. Reorganisasie van Boeresake (Fed. Koöp.) Bpk.
2. Stigting van V.E.T.S.A.K.
 - a. Noodsaaklikheid vir die stigting van 'n sentrale.
 - b. Lesse uit die verlede.
 - c. Voorgestelde vorm.
 - d. Algemeen.
3. Ontwikkeling van V.E.T.S.A.K. in die algemeen.

HOOFSTUK IV

ORGANISASIE VAN V.E.T.S.A.K.

1. Vestiging en ligging.
2. Lede.
3. Die raad van direkteure.
4. Personeelaangeleenthede.
5. Interne organisasie.
 - a. Die bestuurder.
 - b. Die administratiewe afdeling.
 - c. Die handelsafdeling.
6. Naturellearbeid.
7. Aankope.
8. Verkope en versending.
9. Samevatting.

HOOFSTUK V

HANDELSFUNKSIES

1. Doelstellings waarvoor V.E.T.S.A.K. gestig is.
 - a. Algemeen.
 - b. Doelstellings van die maatskappy soos deur die statuut bepaal.
2. Ideale toestande waaronder 'n sentrale behoort te funksioneer.
 - a. Minimum wins.
 - b. Maksimum besparing.
 - c. Ondersteuning deur lede.
 - d. Standaardisasie.
 - e. Agentskappe.
3. Beoordeling van V.E.T.S.A.K. as sentrale aankoopkoöperasie.
 - a. 'n Kort algemene oorsig oor die ontwikkeling van die maatskappy.
 - b. Huidige handelsafdelings van die maatskappy.
 - c. Prysbeleid van die maatskappy.
4. Ontleding van die finansiële state van V.E.T.S.A.K.
 - a. Verkope van verskillende departemente.
 - b. Verkope aan nie-lede.
 - c. Omsetsnelheid van voorraad.

- d. Omsetsnelheid van kapitaal.
 - e. Onkoste as persentasie van omset.
 - f. Nettowins.
5. Ondersteuning deur ledekoöperasies.
- a. Differensiële rabatte.
 - b. Aanbevelings.
6. Samevatting.

HOOFSTUK VI

FINANSIERING VAN DIE ONDERNEMING

- 1. Begripsbepaling.
- 2. Kapitaalbehoeftes van die onderneming.
 - a; Aard en indeling.
 - b. Die omvang van die behoeftes.
- 3. Metodes van finansiering.
 - a. Finansiering deur eie middele.
 - b. Finansiering deur vreemde middele.
- 4. Die verhouding van eie kapitaal tot vreemde kapitaal.
- 5. Samevatting.

HOOFSTUK VII

SLOTBESKOUING

BYLAE

LYS VAN GERAADPLEEGDE WERKE

LYS VAN TABELLE

1. Landboukoöperasies in Suid-Afrika: Omset in landboubenodigdhede 1936 - 1955.
 2. Aantal trekkers per plaas in twee koring- en drie mieliestreke.
 3. Omset in gereedskap (1945 - 1955) Sentraal-Westelike Koöperatiewe Maatskappy Beperk.
 4. Winst en verliese van verskillende takke van Boeresake (Fed. Koöp.) Bpk. vir die jare 1944 - 1950.
 5. V.E.T.S.A.K.: Geskatte brutowinst en beraamde uitgawes.
 6. Aantal ledekoöperasies: 1952 - 1958.
 7. Brutowinspersentasie vir verskillende departemente.
 8. Vergelykende pryse van Eltee-suierringe deur V.E.T.S.A.K. verskaf.
 9. Omset 1951 - 1958.
 10. Gemiddelde omset per lid.
 11. Bepaling van sake met nie-lede.
 12. Berekening van kosprys van verkoopte goedere.
 13. Berekening van gemiddelde voorrade.
 14. Ontleding van nettowinst: 1956 - 1958.
 15. Lede se aankope by V.E.T.S.A.K. uitgedruk as % van hulle omset in landboubenodigdhede 1958.
 16. Skommelinge in voorraad: 1958.
 17. Ontleding van debiteuresaldo's 1958.
 18. Ontleding van die aandelekapitaal van V.E.T.S.A.K. 1952-1958.
 19. Ontleding van bedrae op algemene reserwefonds geplaas.
 20. Bedrag van reserwe vir gebeurlikhede vir die laaste aantal jare.
 21. Ontstaan van 'n stille reserwe.
 22. Kaskrediete by die Landbank 1959.
 23. Ontleding van krediteureskuld.
 24. Eie en vreemde kapitaal.
-

H O O F S T U K I

INLEIDING

1. ALGEMEEN

Die landbou is een van die essensiële elemente wat nodig is om 'n gesonde en stabiele volkshuishouding te handhaaf. Dit voed die volk en terselfdertyd stimuleer dit die fabrieksnywerheid. Daar bestaan egter 'n wisselwerking en landbouproduksie word op sy beurt gestimuleer deur die fabrieksnywerheid. Nuwe moderne masjiene en landbou-implemente stel die boer in staat om sy produksie te verhoog. Langs watter kanale bereik hierdie masjinerie die landbou en die boer? Een van die weë waarlangs hierdie masjinerie die boer bereik, is deur koöperatiewe aankoop.

Die doel van hierdie studie is om die ontstaan en ontwikkeling van die Vrystaatse en Transvaalse Sentrale Aankoopkoöperasie (hierna in die bespreking V.E.T.S.A.K. genoem) te bespreek. Die bespreking geskied begryplikerwys teen die agtergrond van die ontwikkeling van sentrale aankoop-koöperasies oorsee, sowel as in Suid-Afrika.

Oor hierdie veld bestaan daar literatuur met betrekking tot oorsese sentrale aankoop-koöperasies,⁽¹⁾ maar sover my wete strek, is literatuur oor Suid-Afrikaanse sentrale aankoop-koöperasies uiters skaars, feitlik 'n onontginde veld. Ondanks die feit dat sentrale aankoop 'n belangrike werksaamheid van koöperasies vorm, is weinig gegewens beskikbaar, en ek vertrou dat hierdie studie sy beskeie deel sal bydra tot die opwekking van verdere belangstelling in sentrale koöperatiewe aankoop.

2. DIE OMVANG VAN DIE ONDERSOEK

Hierdie ondersoek is beperk tot die ontstaan en ontwikkeling van V.E.T.S.A.K., 'n sentrale aankoop-koöperasie wat aankope plaaslik en oorsee vir ledekoöperasies in die Transvaal en O.V.S. behartig.

Na hierdie inleidende hoofstuk word in hoofstuk II die aanleidende oorsake wat tot die stigting van sentrale koöperasies in die algemeen geleid het, nagegaan. Hoofstuk III gee 'n algemene oorsig oor die historiese ontwikkeling van sentrale

.... / koöperasies

aankoop deur die landbou in Suid-Afrika, die terugslae wat sentrale aankoop-koöperasies ondervind het, en laastens faktore wat gelei het tot die stigting van V.E.T.S.A.K. In hoofstuk IV word die organisasie van die onderneming nagegaan. Hoofstuk V handel oor die handelsfunksies wat V.E.T.-S.A.K. verrig. In hoofstuk VI word die finansiering van die onderneming bespreek, veral met betrekking tot kapitaalbehoeftes en kapitaalvoorsiening. Hoofstuk VII gee 'n kort samevatting en kritiese waardering van die onderneming.

3. METODE VAN ONDERSOEK

Die metode van ondersoek is hoofsaaklik empiries en analities. Die bronne is gevoleglik in hoofsaak beperk tot dokumentêre materiaal van die betrokke maatskappy, aangevul deur mondeline mededelings deur die bestuurder van die onderneming en ander verantwoordelike beampes.

Verwysings:

- (i) J. H.v.Stuyvenberg: Het Centraal Bureau.

H O O F S T U K II

ONTWIKKELING VAN SENTRALE KOÖPERASIES IN DIE ALGEMEEN

1. ALGEMEEN

Voordat ons die historiese ontstaan en die ontwikkeling van V.E.T.S.A.K. nagaan, is dit gewens om kortliks te let op die ontwikkeling wat sentrale aankoop ondergaan het, met besondere verwysing na die faktore wat tot die stigting van sentrale koöperasies gelei het.

Die sukses wat die Rochdale-pioniers na 1844 gehad het, het spoedig daartoe gelei dat daar in Engeland talle ander verbruikersverenigings gestig is. Hierdie verenigings was hoofsaaklik op dieselfde beginsels as die Rochdale-organisasie gegrond. As gevolg van die kleinhandelsfunksie wat hierdie verenigings verrig het, het dit 'n aansienlike besparing vir lede meegebring. Al gou is daar egter gevoel dat, indien daar toegetree sou word tot die groothandel en die fabriekswese, nog groter besparings teweeg gebring kon word. Reeds in 1863 is daar in Engeland oorgegaan tot die stigting van die "Co-operative Wholesale Society".

Hierdie strewe na hoër organisasie tref ons ook aan by aankoop- en afsetverenigings in die landbou. So ontstaan daar dan in verskillende lande sentrale aankoop=koöperasies wat gemoeid is met boerdery=belange. As voorbeeld noem ons slegs "Centraal Bureau" in Nederland en veral "Swedish Farmers" Purchasing Association" in Swede. Laasgenoemde vereniging behartig 50% van die handel in plaasbenodigdhede in Swede.¹⁾

In Finland tref ons die „Osuutukkukauppa" (O.T.K.) aan, 'n groothandelsorganisasie wat beide verbruikers- en produsente-goedere hanteer. Hierdie organisasie het bv. in 1949 15% van die totale groothandelsomset van Finland hanteer.²⁾ In Suid-Afrika kry ons so vroeg as 1910 reeds die stigting van die eerste sentrale koöperatiewe vereniging t.w. "Central Agency for Co-operative Societies Ltd."³⁾ Die hoofdoel van hierdie sentrale agentskap was die verkoop van sy lede se produkte, asook die aankoop van boerderybenodigdhede vir sy lede. Lidmaatskap was beperk tot geregistreerde koöperatiewe onder-nemings.⁴⁾

2. FAKTORE WAT AANLEIDING GEE TOT DIE STIGTING VAN SENTRALE KOÖPERASIES

Koöperasies is plaaslike instellinge wat gebonde is aan 'n beperkte lokaliteit of belangesfeer. Om hierdie rede het hulle dan ook 'n beperkte invloed op die nasionale ekonomie. Om hierdie invloed te versterk skakel verskillende klein koöperasies saam tot 'n voer orde om sodoende sentrale koöperasies te vorm. Hierdie sentrale koöperasies word bestuur deur persone met beter opleiding en kennis as die bestuurders van plaaslike koöperasies. Sodoende word groot besparings vir lede teweeg gebring.

Koöperasies word gestig deur persone met gemeenskaplike belang. Die koöperasie behartig dan die belang van sy lede. Op dieselfde wyse word 'n sentrale koöperasie deur koöperasies gestig en die sentrale koöperasie moet dan die belang van sy lede-koöperasies behartig. 'n Interessante verskynsel wat ons aantref is, dat hoe kleiner en swakker koöperasies is, hoe groter is die begeerte om in 'n sentrale koöperasie te verenig. Hierdie verskynsel is egter maklik verklaarbaar. 'n Magtige organisasie sal bemarkingsfaktore en pryse makliker kan beïnvloed as 'n klein koöperasie. Daarom sal 'n groot organisasie nie so geredelik begeer om met ander koöperasies te skakel met die oog op die stigting van 'n sentrale nie.

Sentrale koöperasies word oral in die landbou aangetref. So vind ons dat verskillende groepe koöperasies o.a. suiwel-koöperasies, sitruskoöperasies, graankoöperasies, ens., sentrales stig vir die bemarking van hulle produkte en vir die aankoop van hulle boerderybenodigdhede. Die invloedsfeer van 'n sentrale mag beperk wees tot 'n streek, 'n provinsie of 'n land. Daar moet egter benadruk word dat 'n sentrale nie onbeperkte uitvoerende magte het nie, aangesien ledekoöperasies onafhanklik bly.

Vir ons verdere bespreking bepaal ons ons net by sentrale aankoop-koöperasies. Ons wil nou nagaan watter funksies 'n sentrale aankoop-koöperasie namens sy lede verrig en waarin 'n sentrale aankoop-koöperasie dus sy bestaansregverdiging vind, of anders gesê, ons gaan bepaal wat bygedra het tot die

stigting van sentrale aankoop-koöperasies.

a. Handelsfunksies.

(1) Groothandelsbesparings.

Plaaslike koöperasies verrig hoofsaaklik 'n kleinhandelsfunksie. Deur die stigting van 'n sentrale koöperasie word 'n koöperatiewe onderneming verkry wat die groothandelsfunksies van versameling en verspreiding op koöperatiewe grondslag verrig. Aangesien besparings in die vorm van bonusse deur die ledekoöperasies verkry word, was dit een van die belangrikste oorweginne vir die stigting van 'n sentrale aankoop-koöperasie. As gevolg van die samevoeging of gesamentlike optrede van 'n aantal kleinhandelskoöperasies is die afdingingsvermoë van elke kleinhandelskoöperasie ook verbeter.

Op landbougebied tref ons dit ook aan dat gesentraliseerde aankope groot besparings meebring. Die boerdery is 'n hoogs gedesentraliseerde bedryf. Die vraag na landboubenodigdhede vind in relatiewe klein eenhede plaas. Die boer staan dus ekonomies swak in sy afdingingsvermoë. Konsentrasie van aanvraag word verkry deur koöperatief aan te koop. As koöperatiewe aankoop deur 'n sentrale organisasie vir verskeie koöperasies gedoen word, word groter konsentrasie van aanvraag verkry. Koste per eenheid sal gevolglik daal, veral as gevolg van die laer vragkoste per eenheid in die hoeveelheidsafslag.

Waar mededinging ontbreek, kan ons ook 'n toestand aantref waar monopolistiese toestande heers en uiters hoë pryse gevra word. In so 'n geval kan die stigting van 'n sentrale pryse afdwing, deurdat die sentrale optree teen kartelle en dit uitskakel. Seker die beste voorbeeld is dié van die „Koöperativa Förbundet" (K.F.) in Swede. Hierdie koöperatiewe groothandelsorganisasie is reeds vroeg in sy bestaan deur die algemene handel geboikot. Die K.F. was toe verplig om goedere in te voer vir sy lede.

Met die hulp van magtige kartelle het die handel probeer om die alleenreghandel in sekere noodsakklike produkte te verkry. Een van die sterkste kartelle was een wat die handel in margerine gedomineer het. 'n Geweldige prysoorlog tussen die kartel en die K.F. het gevolg. Die pogings van die K.F. is beloon toe die kartel in 1911 uitgeskakel is en die prys van margerine op 'n redelike peil gestabiliseer is. Later is monopolieë oor suiker, seep en rubber so invloed ook deur die K.F. verbreek.⁵⁾

(2) Beheer oor kwaliteit en gereelde voorsiening.

In verskeie lande is groothandelskoöperasies gestig met die doel om die kwaliteit van die aangekopte goedere te beheer. „The Co-operative League Yearbook 1950“ meld bv. as doelstelling met die oprigting van „Central Co-operative Wholesale“, om verbetering van produkte in die hand te werk, om ekonomiese en sosiale ewels uit te skakel deur gesamentlike beheer en besit oor produksie, verspreiding en afset te verkry.⁶⁾ Van Stuyvenberg haal dan ook aan hoedat Nederlandse boere aan die einde van die vorige eeu bedrieg is as gevolg van 'n swak kwaliteit kunsmis wat aan hulle gelewer was. Kwaliteit kan alleenlik bepaal word na 'n chemiese ontleding. Gevalle het voorgekom waar chili-salpeter slegs $\frac{1}{2}\%$ stikstof bevat het en origens uit gewone sout bestaan het.⁷⁾ Die strewe na die besmoontlike kwaliteit en beheer oor sodanige kwaliteit was van die belangrikste oorsake wat gelei het tot die stigting van 'n sentrale aankoop-koöperasie in Nederland.⁸⁾

Om beheer oor kwaliteit te verkry moet koöperasies hulle bacieker tot die fabriekswese wend en self goedere produseer, of tenminste op een of ander wyse deel hê aan die vervaardigingsproses.

J. Warren Mather⁹⁾ noem o.a. die volgende redes waarom 'n koöperasie oorgaan tot deelname in die vervaardigingsproses:

(a) besparing deur eie vervaardiging;

.../ (b)

- (b) verbeterde kwaliteit van boerderybenodigd-hede, o.a. veevoer, saad en kunsmis;
- (c) 'n meer betroubare bron van verskaffing.

Die C.C.W. in die V.S.A. het bv. die vervaardigingsveld reeds in 1919 betree met 'n eie bakkery. Tans besit dit 'n voermeule, 'n koffiemeule, 'n drukkery en 'n piesangrypmaakfabriek.¹⁰⁾ C. R. Fay maak ook melding daarvan dat verskaffingskoöperasies in Denemarke hulle eie produksieafdelings en fabrieke besit.¹¹⁾ Sodra 'n koöperasie beheer oor die vervaardiging van 'n produk verkry, is hy terselfder tyd ook verseker van 'n gereelde voorsiening van daardie produk. Dit is dan ook een van die belangrike redes waarom koöperasies deelneem aan die vervaardigingsproses. 'n Ander belangrike rede waarom koöperasies trag om deel te hê aan die vervaardigingsfunksie is om georganiseerd teen kartelle op te tree. Ons het reeds aangetoon hoedat die K.F. in Swede verskeie kartelle uitgeskakel het en stabiele rede-like pryse ontstaan het vir produkte wat voorheen teen monopolistiese pryse verkoop is.

Die vervaardigingsfunksie wat koöperasies onderneem, brei soms selfs sover uit dat dit nie alleenlik in die behoeftes van lede voorsien nie, maar dat 'n surplus ontstaan wat op 'n ander wyse van die hand gesit moet word. Die „Koöperativa Forbundet" in Swede besit fabrieke wat selfs surplusprodukte, wat nie deur lede opgeneem word nie, uitvoer.¹²⁾

(3) Finansiering.

Om lid van 'n koöperasie te word verg slegs die opneem van 'n geringe voorafbepaalde aantal aandele. Dit bring mee dat koöperasies gewoonlik 'n tekort aan eie kapitaal het. Hierdie eie kapitaal is meestal onvoldoende om in die behoeftes van die koöperasie te voorsien, en die koöperasie moet dus staat maak op die verkryging van vreemde kapitaal.

Lede daarenteen, verwag dikwels dat hulle koöperasie leweransierskrediet aan hulle ~~lede~~ ^{voorsien} verskaf.

Weens 'n tekort aan eie kapitaal kan koöperasies hierdie funksie alleenlik vervul mits hulle weer op hulle beurt afnemerskrediet verkry. Hierdie afnemerskrediet moet dan ~~deur~~ verskaffers van boerderybenodigdhede aan koöperasies verskaf word. Die sentrale koöperasie is dus ook verplig om aan plaaslike ledekoöperasies krediet te verskaf. Die nuutste ontwikkeling in Suid-Afrika op dié gebied is die stigting van 'n sentrale kredietinrigting wat tydelike en ander surplusfondse van koöperasies mobiliseer en weer aan ander koöperasies beskikbaar stel.¹³⁾

(4) Beperking van omvang van handelsbedrywighede.

Deurdat sentrale koöperasies die funksies van 'n groothandelaar vir sy ledekoöperasies vervul, word die omvang van plaaslike koöperasies se handelsbedrywighede beperk. Die plaaslike koöperasie hoef nie die funksies van versameling en opbergung in so 'n groot mate te verrig nie. Boere gee gewoonlik voorkeur aan sekere fabrikate masjiene. Hierdie voorkeur verskil van boer tot boer. Indien die plaaslike koöperasie al hierdie smake wil bevredig, moet hy 'n groot kapitaaluitleg op masjiene maak. Hierdie funksie word egter nou deur die sentrale aankoop-koöperasie verrig en die plaaslike koöperasie kan met kort kennisgewing 'n besondere fabrikaat vir 'n lid verkry.

b. Administratiewe funksies

(1) Kontrole oor plaaslike koöperasies.

In oorsese lande tref ons aan dat sentrale koöperasies kontrole uitoeft oor plaaslike ledekoöperasies. Die Nederlandse „Centraal Bureau“ het dit hom as taak gestel om toe te sien dat plaaslike ledekoöperasies 'n gesonde finansiële beleid volg. Om dit te verwesenlik is daar in 1946 op inisiatief van „Centraal Bureau“ die sogenaamde „Centrale Controledienst van Coöperatiewe verenigingen“ gestig.¹⁴⁾ Hierdie vereniging stel hom ten doel die administratiewe kontrole oor plaaslike koöperasies wat lede is,

asook eenvormige boekhoustelsels.¹⁵⁾ In die V.S.A. lewer „Maritime Co-operative Services“ ook auditdienste aan plaaslike ledekoöperasies.

Mnr. I. S. Wehmeyer, assistent-registrateur van koöperasies in Suid-Afrika, maak ook melding daarvan dat inspeksies in Europese lande deur amp-tenare van 'n Ouditpoel, wat deur koöperatiewe lig-game self daargestel en beheer word, waargeneem word. Hy meen verder: „Die tyd het in Suid-Afrika aangebreek dat sterk in hierdie rigting gedink moet word. Baie koöperasies ly en die kantoor van die Registrateur kan nie help nie. Selfhelp in hierdie rigting is nodig.“¹⁷⁾

(2) Wetlike en ekonomiese advies.

Sentrale koöperasies moet finansiële en administratiewe probleme van hulle koöperasies uitstryk. Die sentrale organisasies bestudeer die mark, algemene ekonomiese tendense, wetlike probleme ens., en adviseer hulle ledekoöperasies dienooreenkomsdig.¹⁸⁾

In die V.S.A. brei groothandelskoöperasies nog steeds hulle dienste uit. Hulle gaan selfs so ver om proefphase op te rig, genoem „evaluation farms“. Die doel van hierdie proefphase is om te streef na die mees ekonomiese metodes van produksie. Alle inligting van belang word aan lede verskaf.¹⁹⁾

(3) Ander indirekte dienste.

Bakken en Schaars noem o.a. ook nog die volgende probleme waarmee 'n sentrale sy ledekoöperasies help:

- (a) Aanpassing van produksie by konsumpsie.
- (b) Aanpassing van konsumpsie by produksie.
- (c) Inspeksie.
- (d) Eise.
- (e) Verbetering van besigheidsteknieke.
- (f) Navorsing.²⁰⁾

In die opvoedkundige veld verrig sentrale koöperasies in die V.S.A. nogal veel. „The Co-operative League Yearbook“ meld o.a.:

- (a) Groothandelskoöperasies voorsien opleiding van bestuurders en direkteure.²¹⁾
 - (b) Jaarlikse koöperatiewe kursusse word deur sentrales gereël.²²⁾
 - (c) Byna elke sentrale koöperasie het sy eie drukkery en 'n eie blad wat onder lede versprei word.²³⁾
-

VERWYSINGS

- 1) Ames J.W.: Co-operative Sweden to-day. p.105.
 - 2) Aaltonen E.: Consumer Co-operation in Finland. p.120.
 - 3) Smal J.G.C.: Landboukoöperasie in Suid-Afrika tot 1933. Ontstaan, Groei en Ekonomiese Betekenis. p.56.
 - 4) Idem. p.142.
 - 5) Vgl. J.W. Ames: Co-operative Sweden to-day, asook Childs M.W.: Sweden, the middle way.
 - 6) The Co-operative League of the U.S.A.: The Co-operative League Yearbook 1950. p.83.
 - 7) J.H. van Stuyvenberg: Het Centraal Bureau. p.97.
 - 8) Idem: p.98.
 - 9) American Institute of Co-operation: American Co-operation - A collection of Papers and Discussions. Artikel: J. Warren Mather: Some examples and reasons for integration by Co-operatives, P.695.
 - 10) The Co-operative League of the U.S.A. a.w. p.83.
 - 11) Fay C.R.: Co-operation at Home and Abroad. Vol. I. p.142.
 - 12) Draheim: Die Genossenschaft als Unternehmungstyp - p.138.
 - 13) Vgl. Statute van Sentrale Landboukrediet Koöp. Bpk.
 - 14) Minderhoud J.G.: Landbouw-Coöperatie in Nederland. p.50.
 - 15) Idem. p.51.
 - 16) The Co-operative League of the U.S.A. a.w. p.129.
 - 17) Wehmeyer I.S.: Artikel: Belangrikheid van die vakansiekursus in Koöperasieleer van die oogpunt van die Registrateur. In: Derde Vakansiekursus in Koöperasieleer. a.w. p.5.
 - 18) Draheim: a.w. p.140.
 - 19) Zacharias, O.E.: Artikel: "Planning for the Future". In: "American Co-operation" a.w. p.550.
 - 20) Bakken en Schaars: Economics of Co-operative Marketing. p. 192.
 - 21) The Co-operative League of the U.S.A. a.w. p.19.
 - 22) Idem: p.85.
 - 23) Idem: p.169.
-

H O O F S T U K III

HISTORIESE ONTWIKKELING VAN SENTRALE AANKOOP-KOÖPERASIES IN SUID-AFRIKA

1. TOESTANDE IN SUID-AFRIKA T.O.V. SENTRALE AANKOOP DEUR LANDBOUKOÖPERASIES VOOR DIE STIGTING VAN V.E.T.S.A.K.

a. Die vroegste ontwikkeling op die gebied van sentrale aankoop - "Central Agency for Co-operative Societies Ltd."

So vroeg as 1910 is 'n privaat maatskappy met beperkte aanspreeklikheid tw. die „Central Agency for Co-operative Societies Ltd." gestig. Hierdie een was die eerste sentrale organisasie van die koöperatiewe beweging in Suid-Afrika.¹⁾ Alleenlik geregistreerde koöperatiewe verenigings kon aandeelhouers word. Hierdie privaat maatskappy het die belang van „Het Centraal Agentschap voor Koöperatiewe Verenigingen", wat beskou was as 'n tak van die Departement van Landbou, oorgeneem.²⁾ Die hoofdoel van hierdie Sentrale Agentschap was die verkoop van lede se produkte, asook die aankoop van boerderybenodigdhede.³⁾

In 1916 was twaalf koöperasies reeds geaffilieer met die Sentrale Agentskap. Produkte wat verkoop is gedurende die jaar geëindig 31 Desember 1916, het reeds £366,095 bedra, terwyl boerderybenodigdhede vir £87,419 aangekoop is in dieselfde jaar.⁴⁾ Die finansiële toestand en werkverrigting van die Sentrale Agentskap word duidelik weerspieël in die destydse Registrateur se woorde: „This institution is now acquiring a sound financial footing and it continues to exercise valuable consolidating influence upon the affiliated societies."⁵⁾ Gedurende die jaar geëindig 31 Desember 1917 het aankope van boerderybenodigdhede reeds gestyg tot £569,875.⁶⁾

Waar die Sentrale Agentskap gedurende hierdie tydperk in Transvaal opgetree het, was die posisie gedurende dieselfde tydperk in ander provinsies kortliks soos volg:

O.V.S.: 'n Sentrale provinsiale organisasie, genoem die Federasie, is in die lewe geroep. Hierdie organisasie het op dieselfde basis as die Sentrale Agentskap sake gedoen.

Natal: 'n Sentrale organisasie, „Die Koöperatiewe Unie", het produkte en benodigdhede namens hulle lede gekoop

.../ en

en verkoop. Lede het bestaan uit individuele boere.

Kaap-Provincie: Goen sentrale organisasie het hier bestaan nie.

Hierdie bestaande sentrale organisasies wat afsonderlik sake gedoen het, het nie die maksimum voordeel vir lede verkry nie.⁷⁾ Landboukoöperateurs het dus die stigting van 'n federasie beoog om sodoende provinsiale en uniale organisasies te verenig.⁸⁾ Koöperasies wat dieselfde produkte hanteer, het al hoe meer hulle eie sentrales gestig. Wetgewing van 1922 het baie struikelblokke uit die weg geruim en 'n aantal sentrale koöperasies, veral vrugte-sentrales, het tot stand gekom.⁹⁾

b. Federated Farmers' (Fedfarms).

„The Federated Farmers' Co-operative Association of South Africa Ltd." is op 17 April 1919 gestig as 'n openbare maatskappy. Op 22 Desember 1922 word „Fedfarms" as 'n federale koöperatiewe maatskappy met beperkte aanspreeklikheid geregistreer.¹⁰⁾ Hierdie federale organisasie was die Suid-Afrikaanse lid van „Overseas Farmers' Co-operative Federations Ltd." Die hooffunksie van die Suid-Afrikaanse maatskappy was om produkte van lede op die Europese mark te verkoop en gesamentlike aankope van boerderybenodigdhede vir sy lede te doen.¹¹⁾ „Fedfarms" het groot hoeveelhede boerderybenodigdhede hanteer, o.a. pakmateriaal, toedraaipapier, sakke ons. Gedurende die jaar geëindig 30 Junie 1928 is boerderybenodigdhede ter waarde van £90,000 ingevoer. Invoere van landboubenodigdhede vir die jaar 1928/29 het reeds £135,531 bedra.¹²⁾

Op versoek van die Sentrale Agentskap vir Koöperatiewe Verenigings Bpk. is 'n kongres belê wat op 13 November 1929 te Pretoria geopen is. Die hoofdoel van die konferensie was „om die vraagstuk van koöperatiewe handelswyse (meer spesiaal die gesentraliseerde aankoop van boerderybenodigdhede) te bespreek met die doel om te ondersoek hoe om meer koördinasie van koöperatiewe krag te weeg te bring".¹³⁾ Die destydse Minister van Lande, genl. J.C.G. Kemp, het die konferensie geopen en gewys op die noodsaaklikheid vir koöperasies om saam te werk in 'n sentrale of federale koöperatiewe maatskappy.¹⁴⁾

Op genoemde konferensie is besluit dat die Minister 'n komitee moes aanstel om op die saak in te gaan. Die komitee is benoem en sy bevindings kom kortlik op die volgende neer:

- (1) Dat lede moes ooreenkomm om „Fedfarms" te vra om as sentrale liggaam op te tree, onderhewig aan sekere voorwaardes.
- (2) Dat lede minstens 50 aandele elk in „Fedfarms" sou neem.
- (3) Dat die aankoopsafdeling van „Fedfarms" afsonderlik bestuur wou word.
- (4) Dat takke waar nodig gevestig moes word.
- (5) Ten slotte beveel die komitee aan dat alle koöperasies „Fedfarms" moes ondersteun.¹⁵⁾

Hierdie aanbeveling is ten dele aanvaar toe Sentrale Agentskap vir Koöperatiewe Verenigings en die Suid-Afrikaanse Koöperatiewe Graanvereniging Bpk. besluit het om al hulle aankope deur „Fedfarms" te doen.¹⁶⁾

„Federated Farmers' Co-operative Association of South Africa Ltd." is op 21 Desember 1940 herregistreer kragtens die Wet op Koöperatiewe Verenigings nr. 29 van 1939 as 'n federale spesiale koöperatiewe boeremaatskappy met beperkte aanspreeklikheid.

c. Faktore gedurende en na die oorlog wat geleid het tot 'n vermeerdering in koöperatiewe aankoop van landboubenodigdhede.

(1) Die stelsel van beheerrade in Suid-Afrika.

Met die instelling van die stelsel van beheerrade in Suid-Afrika, het koöperasies een van hulle hooffunksies, nl. die bemarking van produkte en die stabilisering van landbou-pryse grootliks verloor. In die plek daarvan verrig hulle nou eerder 'n funksie van versameling en opbergung. Die belangrikheid van koöperasie as diensverrigtende organisasie het egter behoue gebly en het selfs toegeneem, veral met betrekking tot die verskaffing van boerderybenodigdhede. Hierdie toename in die verskaffing van landboubenodigdhede kan treffend geïllustreer word deur middel van 'n tabel wat die omset van alle koöperasies met betrekking tot landboubenodigdhede aandui.

TABEL 1

LANDBOUKOÖPERASIES IN SUID-AFRIKA:
OMSET IN LANDBOUBENODIGDHEDE 1936 - 1955. 17)

<u>JAAR</u>	<u>OMSET IN £</u>
1936	1,344,769
1937	1,581,520
1938	1,714,223
1939	1,946,008
1940	2,753,726
1941	3,017,559
1942	3,441,001
1943	3,084,175
1944	4,966,438
1945	6,644,848
1946	8,057,364
1947	9,729,888
1948	12,681,217
1949	18,593,579
1950	17,305,864
1951	20,494,022
1952	26,177,149
1953	26,813,724
1954	27,584,223
1955	32,207,290

Ons merk dus 'n snelle uitbreiding van meer as £30 miljoen oor 'n tydperk van 19 jaar. Hierdie snelle uitbreiding in die omset van landboubenodigdhede het koöperasies bewus gemaak van die noodsaaklikheid van gesamentlike aankope deur 'n sentrale organisasie.

(2) Meganisasié in die Landboubedryf.

Vanaaf 1945 het daar in die Unie se landbougebiede 'n geweldige ommeswaai van dierekrag na meganiese krag plaas gevind. Hierdie toename kan waarskynlik beter aangedui word deur die jaarlikse toename van trekkers per plaas aan te dui. Onderstaande tabel illustreer dus die toename in meganisering deur die aantal trekkers per plaas in 'n aantal streke vir verskillende jare te vergelyk.

TABEL 2.

AANTAL TREKKERS PER PLAAS IN TWEE KORING-
EN DRIE MIELIESTREKE. ¹⁸⁾

<u>Streek</u>	<u>1945/46</u>	<u>1946/47</u>	<u>1947/48</u>	<u>1948/49</u>	<u>1949/50</u>	<u>1950/51</u>	<u>1951/52</u>
N.W.-O.V.S.	0.7	0.9	1.2	1.7	1.8	2.1	2.4
Tvlse. Hoëveld	0.7	0.7	0.9	1.2	1.4	1.2	1.2
Wes-Tvl.	-	-	-	0.9	1.3	1.7	2.1
Swartland	-	-	1.4	1.9	1.9	2.0	2.0
Ruens	-	-	1.9	2.1	2.1	2.1	2.1

Ons merk dus 'n hele omwenteling m.b.t. trekkergetalle. Gepaardgaande met die verhoging in die trekkerbevolking is die verhoging in die vraag na moderne en beter toegeruste plaasmasjiene. In N.W.- Oranje-Vrystaat het die aantal trekkers per plaas toegeneem van 0.7 in 1945/46 tot 2.4 in 1950/51, 'n toename van meer as 300% oor 'n tydperk van 7 jaar. ¹⁹⁾ Hierdie verhoging het op sy beurt meegebring dat koöperasies veel meer plaasmasjinerie hanteer. Dit blyk duidelik uit 'n tabel wat die verkopings van gereedskap deur die Sentraal-Westelike Koöperatiewe Maatskappy Beperk, vir die jare 1945 - 1955 aandui.

TABEL 3

OMSET IN GEREEDSKAP (1945 - 1955)
SENTRAAL-WESTELIKE KOÖPERATIEWE MAATSKAPPY BEPERK. ²⁰⁾

<u>BOEKJAAR</u>	<u>OMSET IN £</u>
1945	387,721
1946	537,373
1947	616,947
1948	909,588
1949	1,143,695
1950	1,098,945
1951	1,442,788
1952	1,980,910
1953	1,711,853
1954	1,920,424
1955	2,379,254

Vergrote omset van verskeie koöperasies het veel daar-
toe bygedra om hulle onder die besef te bring van die be-
sparings wat verkry kan word deur sentrale aankoop. Alhoe-
wel ons gedurende hierdie tydperk reeds 'n sentrale aankoop-
koöperasie in Suid-Afrika gehad het, sal ons later aantoon
dat hierdie organisasie musluk het. 'n Sterk behoefté aan
'n gesonde en lewenskragtige sentrale aankoop-koöperasie
het na die genoemde mislukking ontstaan.

(3) Skaarste aan benodigdhede.

Gedurende die oorlogsjare is abnormale omstandighede
geskep. Skaarste aan sekere landboubenodigdhede, soos kuns-
mis, beenmeel en ander veevoedsel het ontstaan met gevolg-
like rantsoenering. Talle boere het by koöperasies aange-
sluit om sodoende verseker te wees van hulle gereelde voor-
rade. Dit lei volgens Coetzee daartoe „dat die omset in
landboubenodigdhede in hierdie tydperk sterk toegeneem het,
hoewel ons in ag moet neem dat die daling in die waarde van
geld ook baie daartoe bygedra het.”²¹⁾

d. Boeresake (Federaal Koöperatief) Beperk.

Op 28 Desember 1943 is die naam van „Fedfarms” verander na
Suid-Afrikaanse Boeresake (Federaal Koöperatief) Beperk. 'n
Nuwe stel regulasies is ingehandig en 'n kopie is aan „Overseas
Farmers' Co-operative Federations Ltd.” gestuur vir hulle goed-
keuring, aangesien aandeelhouding in „Overseas Farmers” net so
²²⁾ behou is.

As een van hulle doeleindes word omskryf: „to purchase or
otherwise acquire on behalf of and to supply to its members and
others, agricultural implements and machinery, livestock, feeding
requisites and where necessary for that purpose to operate
agencies on behalf of manufacturers of or dealers in such com-
modities”. Lidmaatskap was o.a. beperk to:

- (1) Enige sentrale of federale koöperatiewe landboumaat-
skappy of spesiale koöperatiewe landboumaatskappy wat
geregistreer was onder die Wet van 1939.
- (2) Enige koöperatiewe landboumaatskappy wat as doel het
die verskaffing van landboubenodigdhede aan lede.
- (3) Enige koöperatiewe landboumaatskappy of spesiale koöpe-
ratiewe landboumaatskappy wat gestig is om boerdery-
benodigdhede te hanteer en wat nie deur 'n sentrale

koöperasie in sy area voorsien kan word nie.²³⁾

Die funksionering van Boeresake (Federaal Koöperatief) Bpk. was nie baie geslaagd nie. Dit blyk duidelik uit onderstaande tabel wat winste en verliese van die verskillende takke aandui.

TABEL 4.

WINSTE EN VERLIESE VAN VERSKILLENDÉ TAKKE VAN
BOERESAKE (FED. KOÖP.) BPK. GEDURENDE DIE JARE 1944 TOT 1950.²⁴⁾

Jaar geëindig	Totaal		Durban Tak	
	Verlies	Wins	Verlies	Wins
31 Mrt. 1944		£ 4,055.12.6	£ 653. 5.2	
1945		1,769.10.6	1152. 8.2	.
1946		110,755.14.2	-	-
1947		18,546. 1.4.	-	-
1948	£15,945.19.7		1560. 3.0	
1949	7,235.17.1			808.19.4
Jaar geëindig	Kaapstad Tak		Johannesburg Tak	
	Verlies	Wins	Verlies	Wins
31 Mrt. 1944		215. 3.6		4493.14.2
1945		417.11.5		2504. 7.3
1946		4330.17.9		6424.16.5
1947		6813. 5.3		4845. 9.6
1948		4470.14.7	5464.14.10	
1949		2249.11.1	6565. 9.3	
Jaar geëindig	Trans-Oranje Tak		Oos-Londen Tak	
	Verlies	Wins	Verlies	Wins
31 Mrt. 1944	-	-	-	-
1945	-	-	-	-
1946	-	-	-	-
1947		6887. 6.7	-	-
1948	£10,316.12.6		3075. 3.10	
1949	2,182. 5.7		1546.12. 8	

.../ Vir die

Vir die jaar geëindig 31 Maart 1950 kon slegs 'n totale Wins- en Verliesrekening bekom word. Die totale verlies vir die jaar het £54,671.9.4d. beloop.

Uit bostaande tabel wil dit voorkom asof sake aan die begin rooskleurig verloop het, behalwe in die geval van die Durban-tak. Mettertyd het toestande versleg en die enigste tak wat nog van homself rekenskap kon gee, was die Kaapstad-tak.

Op 10 November 1948 is besluit om 'n komitee saam te stel om sekere aspekte van Boeresake na te gaan. Die doel van die ondersoek was om:

- (1) na te gaan hoe Boeresake (Fed. Koöp.) Bpk. se finansiële posisie verbeter kon word;
- (2) die statute en wyksbestuurstelsel na te gaan.

Verslag van Komitee van Ondersoek (opsommend);

- (1) Die komitee voel dat reorganisasie van Boeresake (Fed. Koöp.) dringend nodig geword het, aangesien die beheer lomp geword het.
- (2) Die komitee maan dat sekere streke baie meer aktief optree as ander.
- (3) Takke is te wydverspreid om behoorlike kontrole vanuit die hoofkantoor uit te oefen.
- (4) Bestuurders van sekere takke gebruik nie hulle eie inisiatief nie.
- (5) Wins deur takke verdien, word nie volgens omset verdeel nie. Die gevolg is dat 'n lewenskragtige tak die ander takke dra.^{25a)}

Op 17 Mei 1949 het die Raad van Direkteure van Boeresake (Fed. Koöp.) besluit dat dit absoluut onvermydelik geword het dat Boeresake (Fed. Koöp.) sal desentraliseer in verskeie sentrales. Op 26 Augustus 1949 is besprekings gehou oor die finansiële en konstitusionele aspekte van desentralisasie.²⁵⁾

Die beoogde desentralisasie het daar toe gelei dat Boeresake (K.P.) Sentraal Koöperatief Bpk. as 'n selfstandige sentrale op 16 November 1949 geregistreer is. Een van die doeleindes van die maatskappy was om die funksies van die bestaande Kaaplandse takke van Boeresake (Fed. Koöp.) oor te neem.²⁶⁾

Op 4 Mei 1950 is „Natal and East Griqualand Wholesale Agricultural Co-operation Ltd.” geregistreer as ‘n groot-handelsorganisasie vir Natal en Oos-Griekwaland.²⁷⁾

So is ook die Vrystaatse en Transvaalse Sentrale Aankoop-koöperasie Bpk. (V.E.T.S.A.K.) op 5 Julie 1950 geregistreer as ‘n sentrale aankoop-koöperasie vir die Vrystaatse en Transvaalse koöperasies.²⁸⁾ Ons kom later weer breedvoeriger terug op die stigting van V.E.T.S.A.K. Voordat ons dit egter doen, wil ons net kortliks aandui wat van Boeresake (Fed. Koöp.) Bpk. geword het.

e. Reorganisasie van Boeresake (Fed. Koöp.) Bpk. ²⁹⁾

Op 16 Mei 1951 word ‘n brief aan die Registrateur gerig waarin verlof gevra word om nie ‘n Wins- en Verliesrekening vir die jaar geëindig 31 Maart 1951 in te dien nie, aangesien die maatskappy ‘n geruime tyd lank nie handel gedryf het nie.

Die statute van Boeresake (Fed. Koöp.) Bpk. is gewysig om by die desentralisasieskema in te pas. Op 8 November 1952 is die maatskappy se naam ook verander na Die Federale Landboukoöperasie van Suid-Afrika Bpk.³⁰⁾ Die gewysigde statuut het o.a. soos volg gelees:

16A (i) „As soon as possible after registration of this amendment the Board shall, notwithstanding the provisions of Clause 6, proceed to reduce the nominal share capital of the Company, existing as at 31st March 1951, by an amount which in the opinion of the Registrar, represents the loss sustained by the company as at 31st March 1951.

(ii) The amount by which the nominal value of each share is so reduced, shall be placed to the credit of each member concerned in proportion to the number of shares it holds in the company and this credit shall be payable subject to funds being available and subject to the approval of the Registrar of Co-operative Societies, out of the profits made by die Company over a period up to the 31st March 1961. Thereafter any such credits still outstanding shall be written off by the Company.

(iv) In fulfilment of the foregoing provisions and subject thereto the Board shall within three months after registration of this amendment adopt a resolution cancelling all shares held by members as at 31st March 1951."

Hierdie gewysigde statute is weer aan "Overseas Farmers" voorgelê vir hulle goedkeuring.³¹⁾

Ons merk dus dat drie nuwe sentrale organisasies ontstaan het 'n nuwe federale organisasie wat nog met "Overseas Farmers" geaffilieer was.

2. STIGTING VAN V.E.T.S.A.K. ³²⁾

Op 'n konferensie gehou te Kroonstad op 30 Mei 1950 maak twee koöperasies, te wete die Barbertonse Koöperasie en die Vaalriver Koöperatiewe Maatskappy te Parys, bekend dat hulle voornemens is om 'n inkoopsentrale te stig. Die wenslikheid van die stigting van 'n inkoopsentrale vir Transvaal en die O.V.S. word bespreek. Meer koöperasies het in die stigting van sodanige sentrale belanggestel, maar het onvoorbereid na die konferensie gekom aangesien hulle nie bewus was dat die stigting van 'n inkoopsentrale onder bespreking sou kom nie.

'n Voorstel is gemaak dat 'n komitee, in medewerking met die Registrateur, 'n memorandum sou opstel vir bespreking op 'n vergadering wat op 15 Junie 1950 op Parys gehou sou word. Die voorstel is aangeneem en die twee genoemde koöperasies sien af van hulle voornemens om 'n inkoopsentrale op eie inisiatief te stig.

Rapport van komitee gelewer op vergadering gehou op 15/6/1950 te Parys.

Die komitee wat aangestel was om 'n memorandum vir bespreking op te stel het o.a. die volgende voorgelê vir bespreking:

(a) Noodsaaklikheid vir die stigting van 'n sentrale.

(1) Boeresake (Fed. Koöp.) Bpk. het op direkte en indirekte wyse aan die koöperatiewe beweging 'n diens bewys. Pryse is in toom gehou, groot afslag op bestellings en waardevolle agentskappe is verkry. Daar het egter 'n behoefte aan 'n nuwe sentrale ontstaan en die komitee het aanbeveel dat die nuwe sentrale so gou moontlik gestig moes word.

om sodende besigheidskontakte te behou. Die komitee het gevoel dat koöperasies nie in staat sou wees om hierdie agentskappe indiwidueel te administreer nie.

- (2) Verder het die komitee gevoel dat koöperasies moreel verplig behoort te voel om agentskappe te behou, aangesien die koöperasies reeds implemente onder lede versprei het en gevoldlik onderdele in voorraad moes hou. Indien onderdele nie aan boere verskaf kon word nie, sou boere hulle vertroue in die koöperatiewe beweging verloor.
- (3) Kollektiewe optrede sou veral die kleiner koöperasies baat. Hoeveelheidsafslae sou andersins nie moontlik wees nie. Sodra daar nie meer 'n aktiewe inkoopsentrale bestaan nie, sou opponente hulle vergunnings aan koöperasies staak. Vergunnings is juis toegestaan met die doel om 'n wig tussen koöperasies en hulle sentrales in te dryf.
- (4) Boeresake (Fed. Koöp.) Bpk. se inwoerkwotas sou op 30 Junie 1950 verval. Dan sou 'n nuwe liggaam moes oorneem. Die komitee het dus 'n spoedige optrede aanbeveel.

b. Lesse uit die verlede.

- (1) Boeresake (Fed. Koöp.) Bpk. is op 'n skaal gestig wat te groot geblyk het vir die kapitaal wat tot sy beskikking was. Daar word aanbeveel dat die nuwe sentrale klein moes begin en stap vir stap moes vorder.
- (2) Aankope was in die verlede te groot en onoordeelkundig gedoen. Daar het dus 'n opeenhoping van stadig bewegende voorraad ontstaan. Koödinasie tussen die Raad van Direkteure en die uitvoerende beampes het ontbreek. Die komitee beveel dan ook aan dat die maksimum voorraadaankope vir die nuwe sentrale deur die Raad van Direkteure vasgestel moes word.
- (3) Daar moes gewaak word om nie die opponente van die koöperatiewe beweging te onderskat nie. In die verlede het hulle uit hulle pad gegaan om sake vir Boeresake (Fed. Koöp.) te bemoeilik.

Daar word dus aanbeveel dat daar aan die begin veral slegs klem gelê moes word op kollektiewe onderhandelings om sodoende groter afslag te verkry,

- (4) Die nuwe sentrale moes nie met 'n te groot kapitaal begin word nie. Daar word voorgestel dat die kapitaal £50,000 bedra.
- (5) Die komitee het oortuiging gevoel dat Boeresake (Fed. Koöp.) se mislukking toegeskryf kan word aan personeelaangeleenthede. Die nuwe sentrale kon alleenlik slaag met 'n puik personeel.

c. Voorgestelde vorm.

Daar word voorgestel:

- (1) Dat Transvaal en O.V.S. in tien wyke verdeel word. Elke wyk behoort een direkteur en een tegniese adviseur te hê."
- (2) Dat die voorgestelde sentrale onder 'n nuwe naam gestig word met dien verstande dat dit onder geen verpligting sou staan om debiteure of voorraad van Boeresake (Fed. Koöp.) oor te neem nie. Sekere voordelige agentskappe kan egter met die diskresie van die Raad van Direkteure oorgeneem word. Na die mening van die komitee moes Boeresake (Fed. Koöp.) so gou moontlik ontbind word. Die Raad van Directeure van die nuwe voorgestelde sentrale moes self besluit of hulle met 'n federale wou affilieer om kontak met „Overseas Farmers' " te behou.
- (3) Die komitee meen Johannesburg sal die doeltreffendste sentrum wees, veral t.o.v. moontlik agentskapsoernamme en distribusie van Yskor-produkte.
- (4) Die komitee beveel verder aan dat invoerbestellings deur die betrokke koöperasies self gefinansier word en dat betaling op ontvangs van dokumente geskied. Verkope aan koöperasies moes binne 30 dae betaal word en geen kansellering van bestellings moes toegelaat word nie.
- (5) Die sentrale moes slegs 'n groothandelsfunksie verrig en geen kleinhandelsbesigheid moes toegelaat word nie.
- (6) Volgens beraminge tot die beskikking van die komitee gestel, is 'n tabel opgestel i.v.m. die moontlike jaarlikse bruto-winste.

TABEL 5.

V.E.T.S.A.K.: GESKATTE BRUTOWINSTE EN BERAAMDE UITGAWES.

<u>Beraamde Uitgawes</u>	<u>Geskatte Brutowinste</u>	
£	£	
Salarisse en lone	700 Assuransie	11,000
Huur van Bergplek	600 Iskor-produkte	2,400
Advertensies	50 Wolseley-enjins	5,000
Ouditfooie	100 Direkte invoer vir koöperasies	500
Bankkoste	50 Kommissie op kollek- tiewe bestellings	500
Algemene Onkoste	2,800 Koöperatiewe olie	100
Assuransie	100 T.S.P.-produkte	300
Regsonkoste	25 Springbok-windpompe	600
Motoronkoste	50 Shearer-ploeës	1,000
Pensioenbydraes	200 Krause-ploeës	400
Seëls en Telegramme	150 Jeoffra-grondbrekers	400
Diverse fooie en reiskoste	1,000 Stropers	3,000
Skryfbehoeftes en drukwerk	500 Platformskale	300
Personnel en reis- gersonkoste	500	
Telefoon	250	
Werkloosheidsver- sekering	70	
Waardevermindering	150	
Slegte skulde	100	
Assuransierabat aan koöperasies	9,000	
Onvoorsiene uitgawe	<u>355</u>	
	20,500	
Beraamde nettowins	<u>5,000</u>	
	<u>£25,500</u>	<u>£25,000</u>

d. Algemeen.

Die komitee is besonder gretig dat die stigting van 'n hierdie nuwe sentrale nie sal misluk nie. Elke koöperasie moet op die voorgestelde stigtingsvergadering wat op die 15de Junie 1950 gehou sou word, 'n aanduiding gee van die hoeveelheid aandele wat hy in die nuwe sentrale sou opneem.

... / Stigtingsvergadering.

Stigtingsvergadering.

Op 15 Junie 1950 is die stigtingsvergadering te Parys gehou. Die voorgestelde naam, Vrystaatse en Transvaalse Sentrale Aankoop-koöperasie Beperk, kortweg V.E.T.S.A.K., word aangeneem.

'n Amptenaar van die Land- en Landboubank gee die versekering dat die Landbank die onderneming sal finansier tot 'n bedrag gelykstaande aan 80% van die ingeskreve kapitaal.

Aansoeke vir 14,628 £1-aandele is ontvang. Die konsep-regulasies is voorgelê en bespreek. 'n Verkiesing van die direkteure het plaasgevind en wel een vir elk van die volgende tien streke:

- a. Noordoos-Transvaal.
- b. Sentraal- en Noord-Transvaal.
- c. Wes-Transvaal.
- d. Suidwes-Transvaal.
- e. Sentraalwes-Transvaal.
- f. Oos-Transvaal.
- g. Noord-Vrystaat.
- h. Sentraal-Vrystaat.
- i. Oos-Vrystaat.
- j. Suid- en Suid-Oos-Vrystaat.

Op 4 Julie 1950 word aansoek om registrasie gedoen en tegsames met die nodige dokumente aan die Minister van Landbou voorgelê vir sy finale goedkeuring. Op 5 Julie 1950 word V.E.T.S.A.K. Bpk. finaal as 'n sentrale aankoop-koöperasie geregistreer.

3. ONTWIKKELING VAN V.E.T.S.A.K. EN DIE ALGEMEEN.

V.E.T.S.A.K. het in die tiental jare van sy bestaan snel uitgebrei. In 1958 het die maatskappy o.a. sy eie nuwe en moderne gebou te Isando, Kemptonpark, betrek. Uitbreiding het egter grootliks t.o.v. omset eerder as in ledetal plaasgevind. Volgens besonderhede aan die kantoor van die Registrateur verstrek, was die ledetal vanaf 1952 - 1958 soos volg:

TABEL 6.

AANTAL LEDEKOÖPERASIES 1952 - 1958.

<u>JAAR</u>	<u>AANTAL LEDEKOÖPERASIES</u>
1952/53	37
1953/54	38
1954/55	39
1955/56	39
1956/57	39
1957/58	42

In die volgende hoofstukke sal besondere aspekte van die ontwikkeling van die maatskappy vollediger bespreek word.

VERWYSINGS

- 1) Smal J.G.C.: a.w. p.56.
 - 2) J.F.W. Groskopf: Koöperasie in Suid-Afrika. p.25.
 - 3) Smal J.G.C.: a.w. p.142.
 - 4) Idem. p.185.
 - 5) Retief J.: Division of Co-operation Appended XIII. Annual Report 1916/17. p.129.
 - 6) Smal J.G.C.: a.w. p.206.
 - 7) Idem. p.252.
 - 8) Idem. p.253.
 - 9) Idem. p.427.
 - 10) Kantoor van die Registrateur: Regulasies van Federated Farmers'.
 - 11) Smal J.G.C.: a.w. p.489.
 - 12) Idem. p.590.
 - 13) Redaksioneel: "Koördinasie in die Koöperatiewe Beweging". In: Boerdery in Suid-Afrika, Deel IV Nr. 46 Jan. 1930 p.505.
 - 14) Smal J.G.C.: a.w. p.645.
 - 15) Idem. p.701.
 - 16) Idem. p.732.
 - 17) Coetzee F.J.J.: Landboukoöperasie in Suid-Afrika met besondere verwysing na die finansiering: Aanhangsel III.
 - 18) van Wyk S.P.: Die Ekonomiese Belangrikheid van Meganisasie in die Landbou. p.19.
 - 19) Idem. p.19.
 - 20) Bos C.J.: Sentraal-Wes as Landboukoöperasie p.69.
 - 21) Coetzee F.J.J. a.w. p.49.
 - 22) Kantoor van die Registrateur: Regulasies van Fedfarms.
 - 23) " " " " Regulasies van Boeresake. (Fed.) Koöp.) Bpk.
 - 24) " " " " Finansiële state van Boeresake (Fed. Koöp.) Bpk.
 - 25) " " " " Leer 126.
 - 25a) " " " " "
 - 26) " " " " Regulasies van Boeresake (K.P.) Sentraal Koöp. Bpk.
 - 27) Regulasies van NEGWAG.
 - 28) Regulasies van V.E.T.S.A.K. Bpk.
 - 29) Leer 126. Kantoor van die Registrateur.
 - 30) Kantoor van die Registrateur: Sertifikaat van verandering van naam - Regulasies Federale Landboukoöperasie van S.A. Bpk.
 - 31) Idem.
 - 32) Kantoor van die Registrateur: Leer 564 oor V.E.T.S.A.K.
 - 33) Notule van stigtingsvergadering van V.E.T.S.A.K. Bpk.
-

H O O F S T U K IV

1. VESTIGING EN LIGGING.

V.E.T.S.A.K. is gevestig in 'n uiters moderne gebou te Isando, naby Johannesburg. Die onderneming is gerieflik geleë vir sy werkers, aangesien arbeid uit die omliggende woonbuurtes getrek word. Gerieflike en voldoende vervoerasiliteite word deur 'n munisipale busdiens voorsien. Die onderneming is geleë op drie persele wat altesaam ongeveer tien akker beslaan. Van hierdie persele is slegs een bebou. Voldoende ruimte word dus gebied vir enige verdere uitbreiding wat later nodig mag blyk. Dit is dan ook die beleid van die bestuur om elke perseel as 'n geheel ten volle te ontwikkel voordat enige verdere geboue op 'n aangrensende perseel opgerig sal word.

Wat het nou daartoe geleei dat die bestuur van die onderneming juis Isando as vestigingsplek gekies het? Nadat V.E.T.S.A.K. gestig is, is die onderneming oorspronklik te Fordsburg gevestig. Dit het egter gou geblyk dat die beskikbare akkommodasie nie voldoende was nie. In Johannesburg self was nie geskikte akkommodasie nie. Weens die aard van die goedere wat gehanteer word, o.a. swaar masjinerie, soos stropers ens., moes 'n area gekies word wat deur 'n eie privaat syllyn bedien kan word. Sodanige fasilitate in die stad is geweldig duur. Dit was dus logies dat die onderneming sou uitwyk na 'n area waar hierdie dienste en fasilitate goedkoper verkry kon word. Die grond te Isando, destyds 'n nuwe aanleg vir nywerheidsdoeleindes, is aangekoop vir ongeveer £2,000 per akker. Doelmatige geboue is opgerig volgens voorskrif van die fabrieks-wet. Die onderneming word ook bedien deur twee privaat sylyne.

2. LEDE.

„Lidmaatskap is beperk tot enige Koöperatiewe Landbouvereniging, Koöperatiewe Landboumaatskappy of spesiale Koöperatiewe Boeremaatskappy, kragtens die Wet op Koöperatiewe Verenigings 1939, geregistreer, wat die verskaffing van boerderybenodigdhede as doelstelling het.”¹⁾

Die aanspreeklikheid van elke lid is beperk tot:

- a. Die betaling van die nominale waarde van die aandeel of aandele deur hom besit.

.../ b.

- b. Enige voorwaardelike aanspreeklikheid wat aan bedoelde aandoel of aandole verbonde mag wees." 2)

Dit is die plig van lede om vir hulle wyk 'n direkteur te nomineer. Indien die aantal nominasies vir direkteure die aantal vakatures vir daardie wyk oortref, word die direkteure uit die genomineerde lede op 'n jaarvergadering verkies. 'n Jaarlikse algemene vergadering van lede word binne vier maande na die einde van die boekjaar gehou. Die doel hiervan is om die finansiële state te bestudeer en algemene klagtes wat lede mag indien te behandel.

3. DIE RAAD VAN DIREKTEURE.

Die werkzaamhede van die maatskappy word deur 'n raad van tien direkteure beheer. Die direkteure verteenwoordig elk een van die tien wyke.

Direkteure moet lid van 'n vereniging of maatskappy wees wat 'n lid van V.E.T.S.A.K. is. Die Raad van Direkteure word ook bygestaan deur tien tegniese adviseurs wat elk een van die tien wyke verteenwoordig. Tegniese adviseurs moet 'n werknemer of 'n lid wees van 'n koöperatiewe vereniging of maatskappy wat 'n lid van V.E.T.S.A.K. is. „Tegniese adviseurs sal dieselfde regte as direkteure hê om alle vergaderings van direkteure by te woon maar sal geen stem op vergaderings van die Raad hê nie." 3)

Die statute bepaal verder die pligte van direkteure, aftrede, ontslating, hoeveel direkteure 'n kworum vorm, en so meer.

4. PERSONEELAANGELEENTHEDEN.

Salarisse en lone van die personeel word volgens bekwaamheid en in ooreenstemming met die loon- en fabriekswet vasgestel. By ongeskoolde arbeid word rekening gehou met vaardigheid en ervaring. Die Raad van Direkteure maak ook voorsiening vir 'n bonusstelsel gebaseer op 'n persentasie van die werknemer se jaarlikse salaris, mits winste dit toelaat.


Verder bestaan daar ook 'n pensioen- en siektefonds. Hierdie fondse word op 'n £-vir-£-basis deur die maatskappy gesteun.

Om die doeltreffendheid van die personeel te verhoog, hou V.E.T.S.A.K. ook 'n kafeteria in stand. Ligte middaggetes word aan die personeel teen 'n nominale bedrag verskaf. Ontspanningsgeriewe word ook gedurende die etensuur voorsien. Die streef is om die arbeidspeil van die werknemers te verhoog.

5. INTERNE ORGANISASIE.

Om die interne organisasie van die verskillende departemente met hulle personeelvoorsiening na te gaan, is dit wenslik om die bespreking aan die hand van onderstaande skematische voorstelling te doen.

SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE INTERNE ORGANISASIE VAN V.E.T.S.A.K.



a. Die Bestuurder.

Vir die doeltreffende bestuur van die organisasie stel die Raad van Direkteure 'n hoofbestuurder aan. Die direkteure verleen aan hom alle mag om elke afdeling en alle sake rakende die doeltreffende bestuur van die organisasie te kontroleer.

b. Die Administratiewe Afdeling.

Hierdie afdeling staan onder die beheer van die sekretaris. 'n Deeglike organisasie laat werkzaamhede glad verloop en goeie kontrole word uitgeoefen. Die sekretaris is persoonlik ook verantwoordelik vir voorradebeheer, statistiek en kosteberekening.

(1) Sekretariële Afdeling.

(a) Voorradebeheer.

'n Moderne loskaartstelsel is kort gelede ingevoer vir die beheer van voorrade. Alle voorrade word deur die sekretaris beheer. Aangesien elke departement sy eie goedereloods het, elk met sy eie magasynmeester, kan verantwoordelikheid maklik vasgepon word.

(b) Statistiek.

Die sekretaris stel so dikwels nodig statistieke op om die maandelikse omset van die verskillende afdelings aan te dui. Sodoende kan dit met die maandelikse omset van vorige jare en vorige maande vergelyk word. Indien daar 'n afwyking voorkom, word dit maklik gemerk. Oorsake vir hierdie afwyking kan dan nagegaan word, en waar moontlik uit die wog geruim word.

(c) Kosteberekening.

Aangesien die sekretaris voorraadbeheer doen, statistieke i.v.m. omset, aankope, ens. opstel en aangesien die boekhouafdeling ook onder sy beheer staan, is dit logies dat kosteberekening ook deur hom gedoen sal word.

(2) Die Boekhouafdeling.

Die rekeninge staan onder beheer van die rekenmeester, wat op sy beurt weer verantwoording verskuldig is aan die sekretaris. Die rekenmeester word bygestaan deur 'n rekeningspersoneel. Die boekhouding word gedoen volgens algemene beginsels wat deur kommersiële ondernemings gevolg word.

Artikel 45 van Wet nr. 29 van 1939 bepaal dat die Raad van Direkteure 'n afskrif van die balansstaat en wins- en verliesrekening, behoorlik onderteken deur die ouditeure en 'n meerderheid van die direkteure, tesame met 'n ouditeursverslag op die kantoor van die maatskappy ter insae vir lede moet hê, minstens veertien dae voor die vasgestelde datum van die jaarlikse algemene vergadering. 'n Verdere afskrif moet aan die Registrateur gestuur word sodra die tydperk van insae 'n aanvang neem. Sodanige wins- en verliesrekeming, balansstaat en ouditeursverslag word op die jaarlikse algemene vergadering voorgelees.

V.E.T.S.A.K. se finale rekenings en balansstaat word egter kwartaalliks opgestel. 'n Stelsel van waardevermindering word gevolg waarvolgens motorvoertuie en uitrusting binne die eerste jaar ten volle afgeskryf word. Hierdeur word 'n geheime reserwe geskep wat dan as finansieringsmiddel aangewend word. Geboue word teen ongeveer 5% p.j. afgeskryf. Brutowinst word vir elke departement afsonderlik bereken. Hieron kan die doeltreffendheid van elke departement getoets word.

Die boekhouafdeling is sover nodig gemeganiseer. Die nuutste aankoop is 'n masjien vir voorraadberekening. Hierdie masjien maak reeds gebruik van 'n desimale geldstelsel en teken die volgende op die voorraadkaarte aan: die aantal artikels, prys per artikel in 'n desimale geldstelsel, die bedrag nadat die aantal met die prys vermenigvuldig is, die totale waarde van al die artikels wat op die voorraadkaart aangedui is. Ons merk dus dat die onderneming van 'n moderne en volledige boekhoustelsel gebruik maak.

(3) Die kantoorpersoneel.

Voldoende kantoorpersoneel is in diens geneem om behulpzaam te wees in die uitvoering van die administratiewe werkzaamhede soos uiteengesit.

c. Die Handelsafdeling.

(1) Departementshoofde.

Die werksaamhede van die maatskappy is so omvangryk dat verskeie selfstandige departemente ontwikkel het. Elke departement staan onder beheer van sy eie departementshoof. Hierdie departementshoofde besit die nodige tegniese- en handelskennis i.v.m. hulle departemente. Elkeen van hulle spesialiseer op sy eie gebied. Hy bestudeer die mark i.v.m. sy produkte, weet wanneer hy ekstra voorrade moet dra, weet waar om die voordeligste te koop, waar hy spoedige aflewering kan kry in geval van dringende behoeftes, ens. Elke departement het ook 'n eie goedereloods waar sy goedere afsonderlik geberg word, met die uitsnijding van trekkeronderdele en implemente-onderdele wat op hierdie stadium nog saam in een gebou gehou word en onder die beheer van een magasynmeester staan.

(a) Staal- en omheiningsafdeling.

Hierdie afdeling hanteer hoofsaaklik ysterprodukte. Indien Yskor nie voldoende kan voorsien nie, word produkte deur middel van „Overseas Farmers' Co-operative Federations Ltd." ingevoer. Hierdie organisasie het sy hand op die pols van die wêreldmark en stel V.E.T.S.A.K. in staat om op dié voordeeligste wyse in te voer.

Die winsgrens op staal en omheining is uiterstens laag. Die beleid van V.E.T.S.A.K. is om ongeveer 'n brutowinspersentasie van 5% te handhaaf op alle staal en omheiningsmateriaal. Weens 'n tydelike prysoorlog is V.E.T.S.A.K. genoop om teen 'n veel laer winsgrens te verkoop. Die gevolg is dat hierdie departement sy lopende koste tot 'n minimum moet beperk.

(b) Implemente en Masjinerie.

Hierdie afdeling hanteer hoofsaaklik plaasmasjinerie, o.a. stropers, grondbrekers, enjins en ander boerderyimplemente. Die maatskappy lê hom veral toe op plaaslik vervaardigde landboumasjinerie. Die maatskappy behartig ook implementeonderdele vir alle masjiene waarvoor hulle die agentskap hou.

Onder die implementeafdeling ressorteer ook 'n diensafdeling. Aan die hoof van hierdie afdeling staan 'n ingenieur, bygestaan deur twee werktuigmundiges. Die afdeling bedien lede van advies i.v.m. aangekopte masjinerie. Verder verskaf die afdeling ook diens en onderhoud aan die maatskappy se eie agentskapprodukte. Hiervoor word 'n volledig toegeruste werkswinkel in stand gehou.

(c) Hardware-afdeling.

Onder hierdie afdeling ressorteer hoofsaaklik kleingereedskap soos grawe, pikke en goedere wat nie onder ander departemente ingedeel kan word nie. Die afdeling is nog in sy beginstadium.

(d) Trekkeronderdele.

Waar nodig voer V.E.T.S.A.K. self trekkeronderdele in. 'n Goeie verskeidenheid onderdele kan vir alle populêre trekkers gelewer word. 'n Groot aanvraag bestaan hiervoor.

(e) Landbougereedskap-onderdele.

Die afdeling behartig landbougereedskap-onderdele van masjiene en implemente wat nie deur V.E.T.S.A.K. voorsien word nie. Hierdie departement is ook nog in 'n beginstadium.

(2) Assistente vir departementshoofde.

Elke departementshoof het onder hom voldoende assistente vir die suksesvolle funksionering van sy departement. Die departementshoof dra egter die volle verantwoordelikheid vir sy departement.

(3) Die stelsel van reisigers.

V.E.T.S.A.K. maak gebruik van reisende verteenwoordigers om bestellings by lede te werf vir sekere produkte soos hardware, landbougereedskap-onderdele en trekkeronderdele. Streng gesproke lyk hierdie stelsel onkoöperatief. Dit is immers nie die sentrale se plig om 'n afset vir sy produkte te soek nie. Veel eerder behoort lede van hulle kant hulle sentrale vereniging te steun. Dit blyk egter dat sekere kommoditeite alleenlik op sig deur koöperasies gekoop word. Konkurrente van die sentrale koöperasie neem produkte na die plaaslike ledekoöperasies. Lede koop dan veel eerder hierdie produkte wat op sig aangebied word. Die produk kan vooraf geïnspekteer word en die koper kan 'n beter oordeel oor die kwaliteit vorm. Hierdie toestand het V.E.T.S.A.K. genoeg om ook sy produkte onder lede se aandag te bring. Aan die begin het V.E.T.S.A.K. dan ook gebruik gemaak van reisende skakelbeamptes wat teen 'n salaris gewerk het. Hierteen kan seker geen beswaar gemaak word nie. Die skakelbeampte is tog immers lid van die sentrale organisasie en nouer voeling tussen die sentrale en sy lede is altyd voordeilig. Hierdie stelsel is egter later vervang en aan verteenwoordigers is toe 'n salaris plus 'n kommissie plus reiskostetoelae betaal. Ook hierdie stelsel is vervang en tans word reisigers slegs op 'n kommissiebasis beloon en reisigers moet ook self hulle eie motors voorsien. Vir alle praktiese doeleindes is hulle dus nie in diens van die maatskappy nie, maar brings slegs die produkte onder die aandag van die lede en word op 'n kommissiebasis beloon vir transaksies wat volg op hulle aanbeveling. Alhoewel hierdie stelsel

waarskynlik ingevoer is om ander euwels m.b.t. die stelsel van skakelbeamptes uit die weg te ruim, is dit nie vry van kritiek nie. Waar reisigers wat nie lid van die maatskappy is nie, ledekoöperasies besoek om die maatskappy se produkte te verkoop, voel ek dat dit die noue voeling wat tussen ledekoöperasie en sentrale behoort te bestaan, sal versteur. Ledekoöperasies sal al meer voel dat V.E.T.S.A.K. buite hulle geledere staan.

6. NATURELLEBELEID.

Die maatskappy strewe daarna om handearbeid by die laai-proses sover moontlik uit te skakel. Vir hierdie doel is 'n platformhyser aangekoop wat behulpsaam is by die laai van trokke. Tans is daar ook net sewe naturelle buite werksaam. Daar word bereken dat hierdie hyser ongeveer 45% van die handearbeid uitgeskakel het.

Binne perke word daar ook in die goedereloodse van geskoolde naturelle gebruik gemaak. Hulle verpak die goedere, maak pakkette, adresseer die pakkette, ens. Hierdie naturelle vul die onderlaag van die junior blanke personeel aan.

7. AANKOPE.

Aankope word deur die departementshoofde self behartig. Aangesien hulle verantwoordelik bly vir hulle departemente se omset is dit die gewenste toestand van sake. Departementshoofde het ook die beste voeling met verkopers. Hulle wend hulle na waar hulle die beste kwaliteit teen die billikste pryse kan verkry. Sodra die bestelling uitgevoer is, word die ontvangde goedere met die bestelling gekontroleer en die dokumente word na die sentrale kantoor gestuur vir verdere afhandeling.

8. VERKOPE EN VERSENDING.

Wanneer 'n bestelling van 'n ledekoöperasie ontvang word, word die volgende prosedure gevolg: elke departementshoof teken die bestelling wat onder die verskillende departementshoofde sirkuleer. Sodra hy die bestelling ontvang, word daar onmiddellik 'n faktuur uitgeskryf vir die goedere wat sy departement moet verskaf. Elke departement verpak en versend nou sy eie verkopte goedere en aan die lid word nou twee, drie, vier of vyf fakture gestuur al na gelang die aantal departemente wat daarby betrokke is. Aangesien elke departement se brutowins afsonderlik

bereken word, is dit wenslik dat die goedere nie op een faktuur verskyn nie. Versending word ook vir elke afdeling afsonderlik gehou omdat daar verskillende spoorwegtariewe vir verskillende goedere bestaan.

9. SAMEVATTING.

Sedert die stigting van die maatskappy het dit spoedig so uitgebrei dat 'n nuwe vestigingsplek gesoek moes word. Sedertdien het V.E.T.S.A.K. ontwikkel tot 'n sterk organisasie met verskeie departemente.

'n Wakker bestuur, departementshoofde oor elke afdeling en voldoende kantoorpersoneel dra almal daartoe by om die organisasie uit te bou tot voordeel van ledekoöperasies. Deeglike kontrole word uitgeoefen deur verantwoordelikheid af te dwing. Elke departementshoof is ten volle vir sy departement verantwoordelik. Hierdeur word inisiatief ook aangemoedig. Verder word statistieke opgestel om die huidige omset van verskillende departemente met vorige jare se omset te vergelyk. Oorsake vir afwykings word nagespeur en uit die weg geruim waar moontlik.

Die stelsel van handelsreisigers wat nie werknemers van V.E.T.S.A.K. is nie, is aan kritiek onderhewig, aangesien dit na my mening onkoöperatief is en meewerk om 'n losse verband tussen die sentrale en sy ledekoöperasies te skep.

Onder een dak word deur V.E.T.S.A.K. produkte gehanteer wat in die normale handel onder verskeie maatskappye ressorteer. Die voordeel hiervan is dat die onderneming in sy geheel minder kwesbaar is, en in die geval van 'n prysoorlog dra die een departement die ander.

VERWYSINGS

- 1) Statuut van Oprigting - Artikel 17.
- 2) Idem - Artikel 33.
- 3) Idem - Artikel 37.

H O O F S T U K V.

HANDELSFUNKSIES.

1. DOELSTELLINGS WAARVOOR V.E.T.S.A.K. GESTIG IS.

a. Algemeen.

Die stigting van 'n sentrale aankoopkoöperasie bring 'n koöperatiewe onderneming mee wat die groothandelsfunksies vir sy ledekoöperasies verrig. Aansienlike besparing word vir lede meegebring in die vorm van bonusse of verlaagde pryse of albei. Soos reeds in hoofstuk II aangedui is, bring die kollektiewe optrede verlaagde pryse mee a.g.v. die beter afdingingsvermoë en laer vervoerkoste per eenheid.

Op die stigtingsvergadering van V.E.T.S.A.K. het die komitee wat aangestel was om 'n memorandum vir bespreking op te stel dit benadruk dat 'n sentrale noodsaaklik is en dat dit op direkte en indirekte wyse 'n diens aan die koöperatiewe beweging sal bewys. Boeresake (Fed. Koöp.) Bpk. het reeds in 'n groot mate pryse in toom gehou, groot afslag op bestelling verkry en waardevolle agentskapsooreenkomsste aangeknoop. Die komitee het verder ook gevoel dat opponente van die koöperatiewe beweging hulle vergunnings sou staak sodra daar nie meer 'n aktiewe inkoopsentrale bestaan nie. Vergunnings is juis toegestaan met die doel om 'n wig tussen koöperasies en hulle sentrales in te dryf.¹⁾

b. Doelstellings van die maatskappy soos deur die Statuut bepaal.

Die doelstellings van die maatskappy is o.a. die volgende:

- (1) „Om landbougereedskap en masjinerie, voersaad, bome, misstowwe en ander boerderybenodighede ten behoeve van sy lede aan te koop of op ander wyse te verkry en aan hulle te verskaf en om, waar nodig, vir daardie doel agentskappe ten behoeve van vervaardigers van, of handelaars in sulke goedere in werking te stel.
- (2) Om voer, misstowwe en ander boerderybenodighede te verwerk en/of bewerk;
- (3) om landbougereedskap en masjinerie aan te koop, te huur of op ander wyse te verkry en om dit te gebruik ten behoeve van sy lede;

(4) om volgens 'n koöperatiewe stelsel die besigheid van versekering voort te sit, en waar dit vir daar-die doel noodsaaklik geag word, ooreenkomsdig die doelstellings van hierdie regulasies, agentskappe ten behoeve van versekерingsmaatskappye aan te gaan."²⁾

2. IDEALE TOESTANDE WAARONDER 'N SENTRALE BEHOORT TE FUNKSIONEER.

a. Minimum wins.

Die hoofdoel van 'n sentrale aankoopkoöperasie is om aan sy lede die maksimum voordeel te gee. In teenstelling met 'n private onderneming wat vir eie voordeel gedryf word, word 'n sentrale gedryf vir die voordeel van sy lede. Hierin lê dan ook die bestaansregverdiging van 'n sentrale koöperasie. Om aan lede die maksimum voordeel te kan gee, is dit logies dat die sentrale se sake teen 'n lee winskoers gedryf word. Die winskoers behoort net voldoende te wees om te verseker dat die sentrale op 'n gesonde basis gedryf kan word sonder om onnodige beperkinge daarop te plaas. Na my mening behoort 'n brutowins-persentasie van 10% voldoende hiervoor te wees.

b. Maksimum besparing.

Lede stig 'n sentrale aankoopkoöperasie om maksimum besparing te verkry by die aankoop van hulle benodighede. Om hierdie maksimum besparing aan lede te besorg, is daar vir die sentrale koöperasie twee weë oop, nl. om benodighede aan lede te voorsien teen heersende markpryse of teen 'n doelbewuste verlaagde prys. Elk hiervan bring sy eie konsekvensies mee.

(1) Voorsiening teen markpryse.

Volgens die Rochdale-beginsels is goedere teen heersende markpryse aan lede voorsien. Die winste is dan in die vorm van bonusse aan lede uitgekeer aan die einde van die finansiële jaar. Hierdie stelsel het o.a. die voordeel dat dit nie in botsing ~~het~~ met die handel nie, aangesien die standaard-prysbeleid gevolg word. Die uitkeer van groot bonusse as gevolg van hoë winste stimuleer die omset. Lede sal eerder die sentrale koöperasie ondersteun terwille van die groot bonus wat hulle op aankope kry, as wat hulle dit sal doen terwille van 'n prysverskil op 'n artikel.

(2) Voorsiening teen 'n doelbewuste verlaagde prys.

Hiervolgens word die besparing aan lede direk oorgedra in die vorm van verlaagde pryse. Die sentrale volg dan sy eie positiewe prysbeleid. Vir lede lyk hierdie vorm van besparing nie so aantreklik as die stelsel van bonusse nie. Dit het egter die voordeel dat dit 'n groot invloed op die algemene pryspeil het. Buitensporige pryse word in toom gehou en die boeregemeenskap as 'n geheel baat en nie slegs die lede van die sentrale aankoopkoöperasie nie. Soms kan 'n sentrale aankoopkoöperasie ook 'n kombinasie van voornoemde twee prysbeleide volg. Pryse word dan vasgestel teen 'n prys ietwat laer as die heersende markprys in die handel. Die pryse van die sentrale tree dan nog in kompetisie met dié van die algemene handel. Al die besparings word egter nou nie in die vorm van verlaagde pryse aan lede oorgedra nie en aan die einde van die finansiële jaar kan 'n redelike groot bonus op omset ook uitgekeer word.

c. Ondersteuning deur lede.

Ledekoöperasies behoort hulle sentrale aankoopkoöperasie ten volle te steun. Ons het reeds tevore gemeld dat die "Swedish Farmers' Purchasing Association" in Swede 50% van die handel in plaasbenodigdhede behartig. Indien ledekoöperasies maar sover gekry kan word om 50% van hulle aankope deur hulle sentrale te doen, kan dit as baie goeie ondersteuning beskou word. Om ondersteuning van lede aan te moedig kan daar selfs 'n stelsel van differensiële rabatte ingevoer word. Volgens hierdie stelsel word groter afslag aan ledekoöperasies toegestaan, wat aan hulle sentrale die maksimum ondersteuning gee. Hierdie persentasie rabat kan egter nie alleenlik op die bedrag van aankope bepaal word nie, want dan word daar teen die kleiner koöperasies gediskrimineer. Daar sal dus bepaal moet word watter persentasie van 'n koöperasie se omset in landboubenodigdhede by sy sentrale aangekoop is. Die rabat sal dan aan die einde van die finansiële jaar in die vorm van 'n bonus uitgekeer moet word. Hierdie stelsel lewer egter sekere probleme op wat ons later sal bespreek.

d. Standaardisasie.

Een van die groot oogmerke van 'n sentrale aankoopkoöperasie is om te strewe na gestandaardiseerde masjinerie en onderdele. Die sentrale en plaaslike koöperasie word verplig om onderdele vir alle fabrikkate masjinerie in voorraad te hou, ook vir fabrikate wat glad nie deur die koöperasie gehanteer word nie. Hierdie ideaal is moeilik te verwesenlik en die sentrale koöperasies trag om deur goedkoper diens die boere aan te moedig om die produk wat deur die sentrale gehanteer word, aan te koop. In 'n groot mate kom dit dan indirek op standaardisasie neer.

e. Agentskappe,

Onder ideale toestande moet 'n sentrale aankoopkoöperasie in staat wees om verskillende fabrikate van dieselfde soort implement, bv. verskillende soorte trekkers en ander benodigdhede aan sy lede te verskaf.

In die praktyk merk ons egter dat ou gevestigde fabrikate reeds verteenwoordig is. Die sentrale is dus nie in staat om al hierdie agentskappe te verkry nie. Meestal kan nie een van die gevestigde agentskappe verkry word nie en gevvolglik moet die sentrale aankoopkoöperasie nuwe produkte op die mark plaas. Die kwaliteit van hierdie nuwe produk kan nie juis vooraf vasgestel word nie en geweldige koste moet aangegaan word om die mark vir hierdie produk te stabiliseer.

3. BEOORDELING VAN V.E.T.S.A.K. AS SENTRALE AANKOOPKOÖPERASIE.

a. 'n Kort algemene oorsig oor die ontwikkeling van die Maatskappy.

Aan die begin het die maatskappy se bedrywighede onder drie afdelings geressorteer nl. Voorraad, Invoer en Agentskappe. Onder Voorraad het die produkte gekom wat uit eie voorraad aan ledekoöperasies voorsien is. Invoers het slegs betrekking gehad op goedere wat ingevoer is en direk vanaf die kus na ledekoöperasies versprei is. Goedere wat ingevoer is en via die stoor verkoop is, is ingesluit onder eie voorraad. Agentskapprodukte is ten behoeve van lede aangekoop op 'n kommissiebasis.

In 1953 vind 'n herindeling van die verskillende departemente plaas en die maatskappy se bedrywighede word toe

.../ ingedeel

ingedeel onder agentskap, implemente en staal en omheining. Die Raad van Direkteure het egter gevoel dat die omset van implemente te laag is a.g.v. invoerbeperkings, onvoldoende kapitaal en onbekombaarheid van geskikte agentskappe. 'n Goeie begin met die handel in implemente is gemaak, aangesien agentskappe vir Wolseley-enjins en Claas-stropers reeds op hierdie stadium verkry was. Die Raad van Direkteure het egter gevoel dat die maatskappy hom veral moet toelê op Suid-Afrikaans-vervaardigde landboumasjinerie.

In 1954 verkry die maatskappy die agentskap vir die Claas-stroper op 'n eksklusieve basis vir Transvaal en die O.V.S. Hierdie stroper het bewys gelewer dat hy ook 'n suksesvolle mieliestroper is. Die Raad betreur dit dat die implementeafdeling nie verder uitgebou kan word a.g.v. gebrek aan fondse nie.

Gedurende 1957 is die afdeling „Agentskap" verdeel onder departemente en items wat nie onder ander departemente verdeel kon word nie, is onder die afdeling hardware gesorteer. Gedurende 1958 is 'n nuwe departement gestig, nl. trekkeronderdele. V.E.T.S.A.K. het nou self oorgegaan tot die invoer van trekkeronderdele. In 1959 kom nog 'n departement by nl. landbougereedskap-onderdele. Hierdie afdeling verskaf onderdele vir diverse landbouimplemente.

In hierdie kort oorsig is slegs getrag om aan te toon hoedat die maatskappy geleidelik ontwikkel het en nuwe departemente gestig het sodra dit geregtig was. Verdere aspekte van die maatskappy se ontwikkeling sal verderaan onder afsonderlike hoofde behandel word.

b. Huidige handelsafdelings van die maatskappy.

(1) Implemente-afdeling.

Die afdeling hanteer masjinerie van plaaslik vervaardigde sowel as buitelandse fabrikate. 'n Volledige reeks plaasvoertuie word in voorraad gehou.

(a) L.M.-werktuie:

Hierdie werktuie is vervaardig deur O.V.S.-Landbou-Ingenieurs (Edms.) Bpk., en sluit o.a. planters, kunsmisstroeiers, sleepwaens, kantskottelêe, tandrolêe in.

.../ (b)

(b) Bobaas-werktuie.

Hierdie werktuie word deur S.A. Cultivators (Pty.) Ltd. vervaardig en sluit o.a. in skoffelstelle, kunsmisstrooiers en hamermeulens.

(c) Soilmaster-werktuie.

Soilmaster-werktuie word deur Pan-African Industries Ltd. vervaardig. Die reeks sluit in ploeë, eenrigtingskantskottelée, aartappeluithalers, planters, skoffels, ens.

(d) Erdvark-werktuie.

Hierdie reeks word deur die Erdvark-Ploegfabriek van Morreesburg vervaardig en sluit veral 'n populêre ploeg in.

(e) Buitelandse Agentskappe.

Alhoewel daar gepoog word om sover moontlik Suid-Afrikaans vervaardigde implemente te verskaf, voer die maatskappy tog implemente in wat nie plaaslik vervaardig word nie. Dit sluit o.a. Wolseley-enjins en sentrifugale pompe in. Verder sluit dit ook die Claas-koringstroper en die Claas-mieliestroper in.

(2) Trekkeronderdele.

Gedurende 1958 het die maatskappy begin met die verskaffing van trekkeronderdele. Op die huidige oomblik kan nog slegs die noodsaaklikste onderdele, o.a. suierringe, suiers en hulse, waaierbande, ontwikkelaarankers, vergasserherstelenhede, ontbrandingsklosse, gloeilampe, draad, slyppasta, ligte, skakelaars, filtreerders, vonkproppe, pakking, koeëllaers en rollaers en ander onderdele waarvoor 'n blywende en groot aanvraag bestaan, verskaf word.

(3) Landbougereedskap-onderdele.

As gevolg van klagtes van die kant van boere oor die hoë pryse en swak kwaliteit van landbougereedskap-onderdele het V.E.T.S.A.K. in 1959 ook oorgegaan tot die verskaffing van landbougereedskap-onderdele. Alle landbougereedskap-onderdele word deur V.E.T.S.A.K. se tegniese personeel ge-inspekteer voordat dit as bevredigend aangeneem word vir herverkoop. Die maatskappy is reeds in staat om onderdele

te voorsien vir 'n groot verskeidenheid fabrikate rolêe, planters, hamermeulens, ploeë, êe, skoffels, ens.

(4) Hardware-afdeling.

Hierdie afdeling hanteer klein gereedskap en ander kleiner boerderybenodigdhede soos draadtrekkers, ghriespompe, grawe, wurke, gaffels, messe, oliekanne, sekels, sleutels, spuite vir boorde, en tange... Ook graantenks, slotte, kruiwaens, windpompe, boorgatsilinders, pype, sinkdamme, waternenks en gieters word deur hierdie afdeling verskaf.

(5) Staal- en Omheiningsafdeling.

Dit is een van die belangrikste afdelings van die maatskappy en sluit o.a. in: gegolfde daksink, gegalvaniseerde gladde sink, doringdraad, gegalvaniseerde draad, baaldraad, pale, hangers, trekpale, hekke, ens.

c. Prysbeleid van die maatskappy.

Dit was nog altyd die maatskappy se beleid om buitensporige prys te probeer verlaag. Hierdeur baat nie alleenlik ledekoöperasies en boere wat aan sodanige ledekoöperasies behoort nie, maar die hele boeregemeenskap. Om die maksimum voordeel aan die lede oor te dra is dit nodig dat V.E.T.S.A.K. teen 'n lae brutowinspersentasie moet werk. Ans wil nou nagaan wat die brutowinspersentasie vir verskillende departemente is:

TABEL 7.

BRUTOWINSPERSENTASIE VIR VERSKILLENDÉ DEPARTEMENTE.³⁾
(BEREKEN OP OMSET.)

Jaar	Staal en Omheining	Implemente	Agentskap Kommissie	Totaal
1954	4.8%	11.9%	4.5%	7.5%
1955	5.9%	9.25%	5.5%	6.8%
1956	5.86%	9.33%	4.34%	6.79%
1957	-	-	-	7.34%
1958	-	-	-	7.01%

Na my mening weerspieël hierdie brutowinspersentasie van die maatskappy 'n uiters gunstige beleid. Ek dink nie enige onderneming kan teen 'n laer persentasie werk sonder om sy werkzaamhede ernstig te strem nie. Dit wil dus voorkom of ledekoöperasies

en boere baie hierdeur baat aangesien dit algemeen in die handel is dat 33 1/3% brutowins op omset gemaak word.

Om die besparing wat die sentrale vir sy lede voortbring nog beter te illustreer, wil ons 'n paar prysvergelykings maak van produkte wat deur die sentrale gehanteer word en vergelykbare produkte of dieselfde produkte wat deur die algemene handel hanteer word.

(1) Direkte besparings.

V.E.T.S.A.K. bring direkte besparings vir sy lede mee soos ons nou uit die volgende prysvergelykings sal sien.

(a) Trekkeronderdele.

Fordson-hulse en suiers.

Die kleinhandelsprys vir Fordson-hulse en suiers is £40. Koöperasies kry \pm 10% afslag: m.a.w. aankoop-prys £36. V.E.T.S.A.K. verskaf hierdie hulse en suiers vir £14. 9. 0. Hierdeur word 'n besparing van £21. 11. 0. per stel aan die ledekoöperasies oorgedra.

(b) Staal en omheining.

Sink.

Die handel verskaf sink teen 1/4 3/8d. per vt. V.E.T.S.A.K. verskaf sink teen 1/3 $\frac{15}{16}$ d. per vt. Interessant is dit om daarop te let dat V.E.T.S.A.K. tans sink aan sy ledekoöperasies verskaf teen 'n brutowinspersentasie van slegs 3.3987%.

(c) Landbougereedskap-onderdele.

'n Bekende fabrikaat skoffel se skoffelskaartjies.

Die handel verkoop hierdie skoffelskaartjies teen \pm 9/6 aan die boer. V.E.T.S.A.K. verskaf nou 'n plaaslik vervaardigde skaar van goeie vergelykbare kwaliteit teen 3/6 per skaartjie aan die verbruiker. Ledekoöperasies kry nog 25% afslag wat die prys vir koöperasies op \pm 2/8 per skaar bring.

Hamermeulsiwwe.

Die kleinhandelsprys vir hamermeulsiwwe is oor die £3. V.E.T.S.A.K. verskaf hamermeulsiwwe teen £1. 17. 6. stuk. Die maatskappy is ook nog besig met onderhandelings vir die invoer van geperforeerde plaat en na verwagting sal pryse van hamermeulsiwwe binnekort nog met 'n verdere 10% verlaag word.

(d) Trekkeronderdele.

Suierringe. V.E.T.S.A.K. hanteer Eltee-suierringe

wat vervaardig word deur Ramsey Corporation, vervaardigers van Ramco-suierringe, eksklusief vir V.E.T.S.A.K. Hierdie ringe dra 'n waarborg teen olieverbruik vir 12,000 myl of 18 maande op trekkers. Ons wil nou aantoon hoedat V.E.T.S.A.K. aansienlike besparing vir sy lede op hierdie gebied meebring.

TABEL 8.

VERGELYKENDE PRYSE VAN ELTEE-SUIERRINGE
DEUR V.E.T.S.A.K. VERSKAF.

Fabrikaat Trekker	Prys van Eltee-ringe deur V.E.T.S.A.K. verskaf	Prys van Ramco-ringe deur handel verskaf
Ferguson	£2. 12. 10	£3. 14. 8
Fordson	£2. 5. 5	£3. 7. 4
Farmall	£2. 6. 7	£3. 3. 1

Ons merk dus dat V.E.T.S.A.K. deur hierdie produkte aansienlike direkte besparings vir sy lede meebring.

(2) Indirekte besparing.

Al die besparings is nie net direkte besparings waarby slegs lede baat nie.. Die maatskappy vind juis sy bestaansregverdiging in prysoorloë en afdwinging van die algemene pryspeil. In 1955 was die prys van skottelploegskare in die kleinhandel £2. 11. 6d. V.E.T.S.A.K. het deur 'n prysoorlog hierdie algemene prys op 'n stadium afgedwing na £1. 9. 6d. Die algemene pryspeil het met meer as £1 per skottel verlaag. Die landbou as 'n geheel het hierdeur aansienlik bespaar. Tans is die prys gestabiliseer op £2. 3. 3. wat nog heelwat laer is, veral in ag nemende 'n tydperk van steeds stygende pryse.

Ook by die verkoop van sink het die maatskappy a.g.v. sy prysbeleid 'n algemene prysverlaging teweeg gebring. Alhoewel die prys van sink gestyg het, het V.E.T.S.A.K. die prys stabiel gehou. Gevolglik kon V.E.T.S.A.K. in 1958 slegs 3.3987% brutowins op sink toon. Om teen hierdie prys te bemark is alleenlik moontlik indien ledekoöperasies stiptelik betaal, want V.E.T.S.A.K. kry $2\frac{1}{2}\%$ korting vir kontant. Dit is egter jammer dat sekere ledekoöperasies nog nie hulle sentrale steun by die aankoop van Yskorprodukte nie. Hierdie koöperasies meen hulle kan nie handelaars wat hulle in die skaars tye van sink voorsien het, in die steek laat nie, aangesien tekorte weer mag ontstaan. Wat hulle egter nie

in gedagte hou nie, is dat V.E.T.S.A.K. se kwota ook gebaseer word op sy omset. Die Koöperatiewe Raad van die Suid-Afrikaanse Landbou-unie voel dan ook dat dit die plig van koöperasies is om 'n groter omset in Yskorprodukte vir hulle sentrale op te bou. Indien rantsoenering toegepas word, sal allokasies gebaseer word op vorige hanterings en die sentrale se kwota sal dus dienoordeenkomsdig verhoog word. „Die Koöperatiewe Raad wil koöperasies se aandag daarop vestig dat presies dieselfde redes wat aan boere voorgehou word om hulle behoeftes koöperatief aan te koop ook vir plaaslike koöperasies geld, en dat besparings soveel groter en die bedingsvermoë soveel sterker sal wees as koöperasies op hul beurt hul aankope deur hulle aankoopsentrales konsentreer. In belang van ons boeregomeenskap en ons koöperatiewe beweging doen die Koöperatiewe Raad dus weer 'n ernstige beroep op koöperasies om hulle sentrales te steun.”⁴⁾

'n Verdere besparing wat as indirek gereken kan word, is op hardware. Oor die algemeen volg V.E.T.S.A.K. hier 'n prysbeleid wat ooreenstem met dié in die algemene handel. Ledekoöperasies baat egter nog hierdeur, want die wins op hierdie produkte behoort aan hulle eie organisasie. Selfs al word winste grootliks gereserveer, soos die geval met V.E.T.S.A.K. wel is, baat die lede nog daarby, want die sentrale kan dan nog verder uitgebou word om beter en meer diens op ander gebiede te verrig, wat dan neerkom op 'n indirekte besparing.

4. ONTLEIDING VAN DIE FINANSIELE STATE VAN V.E.T.S.A.K.

a. Verkope van verskillende departemente.

Die verskaffing van landboubenodigdhede aan ledekoöperasies is nie so eenvoudig as wat dit miskien op die oog af voorkom nie. 'n Intensieve studie van die behoeftes van boere, van die verskillende fabrikate op die mark, verkryging en verskaffing van onderdele ens., moet gemaak word. 'n Deeglike kennis van marktoestande, prystendense, voor-en afkeure van boere, is nodig. 'n baie gevalle, veral by die bemarking van groter masjinerie, is herstelfasiliteite absoluut noodsaaklik. Daarom dat V.E.T.S.A.K. klein begin het en algaande, soos die nodige ondervinding opgedoen is en soos wat fondse uitgebrei het, nuwe departemente toegevoeg het. Die volgende tabel illustreer V.E.T.S.A.K. se beleid in uitbreiding van sy omset.

TABEL 9.

OMSET 1951 - 1952. (TOT NAASTE £).

Jaar	Departemente			Totaal
	Voorraad	Invoer	Agentskap	
1951	£ 92,317 268,288	£ 15,858 51,072	£ 22,088 130,046	£ 130,263 449,406
1952				

OMSET 1953 - 1956

	Staal en Omheining	Implemente	Agentskappe	Totaal
1953	£320,099	£ 37,569	£ 54,862	£ 412,530
1954	309,701	109,194	79,649	498,544
1955	401,104	216,993	113,470	731,567
1956	440,774	284,799	130,942	856,515


OMSET 1957 - 1958

	Staal en Omheining	Implemente	Hardware en Agentskap	Totaal
1957	£543,371	£328,190	£265,519	£1,137,081
1958	542,805	405,879	338,558	1,287,242

Hierdie drie tabelle illustreer duidelik hoedat die maatskappy se omset uitgebrei het en hoedat 'n herindeling van departemente moes plaasvind. Gedurende 1959 is nog twee nuwe departemente toegevoeg nl. trekkeronderdele en landbougereedskap onderdele. Aangesien die maatskappy se boekjaar op 31 Desember sluit, is syfers vir hierdie jaar nog nie beskikbaar nie.

Die toename in omset kan missien nog beter weergegee word deur middel van 'n grafiese voorstelling.

... / GRAFIEK 1.



Ons wil nou ook nagaan hoedat die gemiddelde aankope per lid oor dieselfde tydperk van jaar tot jaar skommel en of dieselfde stygende tendens waargeneem kan word.

TABEL 10.

GEMIDDELDE OMSET PER LID.

Jaar	Omset	Aantal lede	Gem. Omset per lid
1953	£ 412,530	37	£11,149
1954	498,544	38	13,120
1955	731,567	39	18,758
1956	856,515	39	21,962
1957	1,137,081	39	29,156
1958	1,287,242	42	30,649


Uit bostaande tabel spreek dit duidelik dat lede se vertroue in hulle sentrale versterk is. Die ledetal vir die afgeloop ses jaar het weinig toegeneem, maar die omset het aansienlik gestyg. Die ondersteuning per lid het van £11,149 tot £30,649 gestyg, 'n vermeerdering van \pm 175%. Hierdie tendens word op die volgende bladsy grafies weergegee.

... / GRAFIEK 2.

GRAFIK 2.

GEMIDDELDE JAARLIKSE OMSET PER LID.

SKAAL: 1 DM = £4,000



b. Verkope aan nie-lede.

Die maatskappy doen ook sake met koöperasies wat nog nie lid is van V.E.T.S.A.K. nie. Ons wil nou bepaal tot watter mate met nie-lede besigheid gedoen word.

TABEL 11.

BEPALING VAN SAKE MET NIE-LEDE.

Jaar	Totale omset	Omset aan lede	Nie-lede	Sake met nie-lede (% van omset)
1956	856,515	802,711	53,804	6.3%
1957	1,137,081	1,025,809	111,272	9.8%
1958	1,287,242	1,172,405	114,837	8.9%

Met wie presies hierdie sake met nie-lede geskied, is moeilik te bepaal. Indien dit egter alles of grootliks met koöperasies geskied wat nie lede van V.E.T.S.A.K. is nie, is dit aan ernstige kritiek onderhevig. Volgens die statute van V.E.T.S.A.K. is dit vir 'n lid slegs nodig om 'n 1% aandeel in V.E.T.S.A.K. te hou om lid te wees. Nêrens kon ek ook 'n artikel vind wat bepaal dat 'n lid addisionele aandele volgens sy besigheid met die sentrale moet besit nie. Daar is dus vir geen koöperasie 'n verskoning waarom hy nie as 'n lid van V.E.T.S.A.K. ingeskryf is nie. Dit is na my mening ook uiters onkoöperatief om die voordele van prysverlaging te pluk sonder om self 'n bydrae, al is dit hoe gering, tot die kapitaal van die onderneming te lewer nie. Nie-lede behoort nie dieselfde voordele m.b.t. verlaagde prys te geniet nie. Te veel koöperasies beskou die sentrale nog as 'n losstaande sakeonderneming. V.E.T.S.A.K. is immers ten nouste gekoppel aan die hele koöperatiewe beweging. Trouens dit behoort aan die koöperasies.

c. Omsetsnelheid van Voorraad.

Om die omsetsnelheid te bereken, moet die volgende formule toegepas word:

$$\frac{\text{Kosprys van omset vir die jaar}}{\text{Gemiddelde voorraad}}$$

Ons wil nou nagaan wat die omsetsnelheid is vir die goedere deur V.E.T.S.A.K. gehanteer. Om die kosprys van die verkoopte goedere te bereken, is die prosedure gevolg soos hieronder uiteengesit:

TABEL 12.

BEREKENING VAN KOSPRYS VAN VERKOOPTE GOEDERE.

	Staal en Omheining	Implemente	Agentskap Hardeware	Totaal
Beginvoorraad 1 Jan. 1958	£ 14,626	£ 25,560	£ 13,598	£ 53,784
Plus Aankope	533,316	453,130	324,002	1,310,448
Totaal	547,942	478,690	337,600	1,364,232
Min Eindvoorraad op 31 Des. '58	37,799	106,814	22,612	167,225
Kosprys van verkoopte goedere	510,143	371,876	314,988	1,197,007

Aangesien voorrade kwartaalliks gedurende 1958 opgeneem is, kon die volgende syfers i.v.m. die totale voorraad verkry word:

1 Januarie 1958 - £ 53,784
 31 Maart 1958 - 66,164
 30 Junie 1958 - 73,486
 30 September 1958 - 152,349
 31 Desember 1958 - 167,225
 £513,008
 Gemiddelde voorr. £102,602

Die omsetsnelheid is dus: $\frac{1,197,007}{102,602} = 11.7$

Om die omsetsnelheid van die verskillende departemente te bepaal is ietwat moeiliker. Hier kan slegs van twee voorraadsyfers vir elke departement gebruik gemaak word en die item "gemiddelde voorraad" sal waarskynlik nie 'n juiste weergawe gee van wat die werklike gemiddelde voorraad is nie. Tog gaan ons hierdie syfers gebruik, hoofsaaklik om die omsetsnelheid tussen verskillende departemente te vergelyk.

TABEL 13.

BEREKENING VAN GEMIDDELDE VOORRADE.

	Staal en omheining	Implemente	Agentskap en Hardeware
1 Jan. 1958	£14,626	£ 25,560	£13,598
31 Des. 1958	<u>37,799</u>	<u>106,814</u>	<u>22,612</u>
Totaal	52,425	132,374	36,210
Gem. Voorraad	£26,213	£ 66,187	£18,105

Volgens hierdie syfers sal die totale gemiddelde voorraad op £110,505 te staan kom. Aangesien hierdie syfers 'n groot korrelasie toon met die totale gemiddelde syfer soos voorheen bereken, meen ek tog dat die gemiddelde voorraadsyfer vir verskillende departemente wel bruikbaar is.

$$\text{Omsetsnelheid van staal en omheining} - \frac{510,143}{26,213} = 19.5$$

$$\text{Omsetsnelheid van implemente} - \frac{371,876}{66,187} = 5.6$$

$$\text{Omsetsnelheid van agentskap en hardware} - \frac{314,988}{18,105} = 17.4$$

Wat die omsetsnelheid van die verskillende departemente behoort te wees is moeilik bepaalbaar, aangesien daar nie erkende syfers vir groothandelskoöperasies is nie. Na my mening is hierdie syfers, veral van die afdelings staal en omheining, en agentskap en hardware, hoog, veral as in aanmerking geneem word dat die omsetsnelheid van kruideniersware vir 'n verbruikerskoöperasie op 8 gestel word.⁵⁾

d. Omsetsnelheid van Kapitaal.

Om die omsetsnelheid van kapitaal te verkry word die formule $\frac{\text{omset}}{\text{totale kapitaal}}$ toegepas. Hierdie verhouding toon dan aan hoeveel keer kapitaal omgesit is en dit is 'n aanwyser hoe doeltreffend van kapitaal gebruik gemaak is. Onder totale kapitaal verstaan ons hier eie sowel as geleende kapitaal. Ons gaan slegs die omsetsnelheid van kapitaal vir 1958 meet.

$$\text{Omsetsnelheid van kapitaal} = \frac{1,287,242}{324,299} = \pm 4$$

Die omsetsnelheid van bedryfskapitaal kan op dieselfde wyse verkry word. Bedryfskapitaal vir 1958 bedra £120,276.⁶⁾

$$\text{Omsetsnelheid van bedryfskapitaal is dus } \frac{1,287,242}{120,276} = 10.7$$

Beide hierdie syfers toon na my mening 'n normale gebruikmaking van kapitaal. Indien die omsetsnelheid van bedryfskapitaal baie hoog word, toon dit dat 'n onderneming te veel kapitaal in vaste bate belê het en dus te min werkende kapitaal het. Na my mening kan so 'n gevolgtrekking egter eers gemaak word wanneer bedryfskapitaal 'n omsetsyfer van ± 15 toon.

.../ e.

Voetnota. Agentskap dra geen voorraad nie en verhoog dus die omsetsnelheid van hardware buitengewoon.

e. Onkoste as persentasie van Omset.

Dit is gebruiklik om die verhouding tussen totale administrasiekoste en omset te meet. Hierdie verhouding toon aan of onkoste besnoei moet word. Gewoonlik word die verhouding van salarisste tot omset ook bepaal om te sien of die personeel doeltreffend bestuur word en of die personeelskaal verminder of verder uitgebrei kan word.

Totale administrasiekoste as % van omset 1958 =

$$\frac{52,565}{1,287,242} \times \frac{100}{1} \%$$

$$= 4.1\%$$

$$\text{Salarisse as \% van omset 1958} = \frac{31,029}{1,287,242} \times \frac{100}{1} \%$$

$$= 2.4\%.$$

'n Totale persentasie administrasiekoste tot omset van 4.1% is baie laag. As in aanmerking geneem word dat V.E.T.S.A.K. ook 'n tekort aan eie kapitaal het en rente dus ook 'n groot deel van die administrasiekoste uitmaak, is hierdie syfer uiteraard laag.

Die feit dat salarisste slegs 2.4% van die omset uitmaak, toon ook dat daar uiteraard doeltreffend van die personeel gebruik gemaak word.

f. Nettowins.

Die winsmotief by 'n sentrale koöperasie behoort nie die hoofdoel te wees nie. Die sentrale word immers gestig met die doel om aan sy lede die maksimum voordeel te gee by die aankoop van hulle benodigdhede. Die wins behoort slegs as bysaak te dien. Volgens die koöperatiewe beginsels van die Rochdale-pioniers behoort hierdie wins ook weer aan lede uitgekeer te word in die vorm van bonusse.

Ons wil nou nagaan wat V.E.T.S.A.K. se nettowinst vir die afgelope drie jaar was en watter persentasie dit van die omset is.

TABEL 14.

ONTLEDING VAN NETTOWINSTE, 1956 - 1958.

Jaar	Nettowins	Omset	Nettowins as persentasie van omset
1956	23,103	856,515	2.7%
1957	37,577	1,137,081	3.3%
1958	29,823	1,287,242	2.3%

Hierdie nettowinspersentasie lyk nie buitensporig nie, alhoewel daar plaaslike koöperasies is wat teen 'n nettowinspersentasie van minder as 1% werk.⁷⁾ Daar moet egter ook in aanmerking geneem word dat V.E.T.S.A.K. 'n jong onderneming is wat nog steeds uitbrei en dat hierdie winste grootliks aangewend word vir interne finansiering, 'n stelsel wat, alhoewel daar veel kritiek teen ingebring kan word, doeltreffend in die behoeftes aan fondse voorsien.

5. ONDERSTEUNING DEUR LEDEKOÖPERASIES.

Vroeër in hierdie hoofstuk het ons gemeld dat 'n ledekoöperasie wat 50% van sy aankope deur sy sentrale doen, sy sentrale aankoopkoöperasie voldoende steun. In Suid-Afrika vind ons egter dat die ondersteuning, met enkele uitsonderings, baie swakker is. Onderstaande tabel illustreer dit baie duidelik.

TABEL 15.

LEDE SE AANKOPE BY V.E.T.S.A.K. UITGEDRUK AS % VAN HULLE OMSET IN LANDBOUBENODIGDHEDE 1958. (tot naaste %).

Lid nr.	Omset in landboubenodigdhede	Aankope by V.E.T.S.A.K.	Aankope by V.E.T.S.A.K. as % van omset
1	£ 320,760	£ 35,474	11%
2	551,593	18,313	3%
3	8,047	57	1%
5	247,785	8,352	3%
6	546,884	18,069	3%
7	1,800	135	8%
8	152,735	1,582	1%
9	290,489	9,180	3%
10	271,830	17,857	7%
11	2,117,777	98,650	5%
12	462,528	27,049	6%
13	246,638	19,006	8%
14	199,919	34,321	17%
15	462,371	28,130	6%
16	229,294	24,058	10%
17	3,653,773	176,670	5%
19	3,291,224	82,591	3%
20	429,770	13,970	3%
21	20,482	7,267	31%
22	33,873	1,855	6%

Lid nr.	Omset in landboubenodigdhede	Aankope by V.E.T.S.A.K.	Aankope by V.E.T.S.A.K. as % van omset
23	£ 603,609	£ 10,496	2%
24	97,336	1,558	2%
25	4,807	233	5%
26	4,382,658	231,110	5%
27	54,496	312	1%
28	2,601,218	104,986	4%
29	164,549	8,954	5%
30	108,786	12,565	12%
31	29,268	11,099	38%
32	469,991	13,201	3%
33	1,120,831	28,340	3%
36	190,567	10,922	6%
37	1,111	511	46%
Totaal 33	£23,368,799	£1,056,874	4.5%

Hierdie lys van ledekoöperasies sluit natuurlik nie al die lede van V.E.T.S.A.K. in nie. Van 'n aantal was syfers glad nie beskikbaar nie. Graag wil ek ook die aandag daarop vestig dat die syfers betreffende aankope by V.E.T.S.A.K. en omset in landboubenodigdhede nie oor dieselfde tydperk strek nie, aangesien V.E.T.S.A.K. se finansiële jaar op 31 Desember 1958 geëindig het, terwyl dit by ledekoöperasies varieer en wel soos volg: jare geëindig 30 September 1958, 31 Desember 1958, 31 Januarie 1959, 31 Maart 1959 en 30 Junie 1959. Tog is dit my mening dat hierdie syfers as 'n basis geneem kan word, aangesien dit die omset ^{vir} een hele jaar dek.

Neem ons nou die totaal, merk ons dat van die 33 genoemde ledekoöperasies slegs 7 meer as 10% van hulle benodighede by V.E.T.S.A.K. aankoop. Die 33 genoemde lede koop in totaal slegs 4.5% van hulle benodigdhede deur V.E.T.S.A.K. Baie koöperasies sal nou aanvoer dat V.E.T.S.A.K. nie in al die benodigdhede kon voorsien nie, weens die feit dat hulle verskeidenheid te klein is. Hierdie beswaar hou sekerlik nie steek as ons daarop let dat daar wel lede is wat 31%, 38% en 46% van hulle benodigdhede deur V.E.T.S.A.K. aankoop nie. Verder behoort die koöperasies ook hulle lede op te voed tot die koöperatiewe gedagte van gesamentlike aankoop. Sodoende sal die sentrale, in dié geval V.E.T.S.A.K., versterk word en groter afdingingsvermoë verkry. Hierdeur sal die kwaliteit van die produkte deur V.E.T.S.A.K. gehanteer, ook verbeter. Om ondersteuning

aan te moedig, kan 'n stelsel van differensiële rabatte ook ingevoer word.

a. Differensiële rabatte.

Volgens hierdie stelsel word die grootste afslag toegestaan aan koöperasies wat die grootste steun aan die sentrale verleen. Dit is egter nou nie regverdig om volgens die grootste bedrag wat aan 'n lid verskaf word te oordeel nie, want dan word daar teen die kleiner koöperasies gediskrimineer. Daarom sal so 'n stelsel alleenlik werk waar daar op 'n basis van persentasie-ondersteuning tot omset bereken word tot watter mate 'n lid sy sentrale steun. Die rabatte sal dan aan die einde van die finansiële jaar in die vorm van 'n bonus uitgekeer word.

Nadele aan die stelsel verbonde.

- (1) Om jaarliks te bereken watter koöperasies persentasie-gewys die grootste steun aan die sentrale verleen het, bring heelwat ekstra administratiewe werk mee.
- (2) V.E.T.S.A.K. hanteer nog nie al die benodighede van al sy ledekoöperasies ten volle nie. Dit mag bv. wees dat 'n sekere tipe koöperasie, bv. 'n sitruskoöperasie, 'n kleiner persentasie van sy benodighede deur V.E.T.S.A.K. kan verkry as bv. 'n graankoöperasie.
- (3) Alhoewel dit nie 'n nadeel behoort te wees nie, is ek oortuig daarvan dat ons nog nie voldoende tot koöperasie opgevoed is om bogenoemde stelsel te aanvaar nie. 'n Lid wat bv. £100,000 se goedere deur V.E.T.S.A.K. aankoop maar hierdie bedrag slegs 5% van sy omset verteenwoordig, sal nie bereid wees om 'n laer afslag te aanvaar as 'n lid wat £10,000 se aankope deur V.E.T.S.A.K. doen en tog V.E.T.S.A.K. in 'n groter mate steun nie.

Daar sal dus aan ander aanbevelings gedink moet word om ondersteuning van lede te verkry.

b. Aanbevelings.

V.E.T.S.A.K. as sodanig kan nie veel doen om lede se ondersteuning te versterk nie. Dit behoort van die lede self te kom. Die sentrale behoort immers aan die ledekoöperasies, is deur hulle gestig en behoort deur hulle ondersteun te word.

Dit is egter 'n vasstaande feit dat baie lede blykbaar nie

.../ voldoende

voldoende belangstelling in hulle sentrale het nie. Waarskynlik moet dit gewyt word aan die feit dat hulle nie voel V.E.T.S.A.K. behoort aan hulle nie. Die feit dat winste in so 'n mate gereserveer word, prikkel nie lede tot ondersteuning nie. Indien lede vergoeding in die vorm van bonusse kry, is dit waarskynlik dat hulle V.E.T.S.A.K. in 'n groter mate sal ondersteun.

Die bestuur van V.E.T.S.A.K. is egter verplig om sodanige reserwes op te bou weens die swak kapitaalvoorsiening deur sy lede. Daar is dus slegs een faktor wat na my mening die ondersteuning sal prikkel en dit is 'n verhoogde aandelebelegging deur lede. Hierdie ekstra kapitaal sal egter moeilik deur lede belê word. Indien V.E.T.S.A.K. egter met sy lede 'n ooreenkoms kan aangaan waarvolgens bonusse in volopbetaalde bonusaandele omskep kan word, sal dit nie vir die bestuur nodig wees om so 'n uiters hoë reserwe daarop na te hou nie. Die ledekoöperasies sal ook voel dat hulle afslag of bonusse op hulle aankope verkry het. Hierdeur sal lede se aandelekapitaal in V.E.T.S.A.K. groei, voldoende fondse sal verkry word en die vergrote aandelebesit mag lede prikkel om V.E.T.S.A.K. in 'n groter mate te steun. Rente moet ook op hierdie aandele betaal word. Die lid is dan ten nouste verbonde aan V.E.T.-S.A.K. en hy word indirek deur middel van bonusaandele en direk deur middel van rente op bonusaandele aangespoor tot groter ondersteuning. 'n Roterende of uitgestelde bonusbetaalfonds mag ook veel bydra om lede se bydrae tot die financiering van die onderneming te verhoog.

6. SAMEVATTING.

In hierdie hoofstuk het ons die handelsfunksies van V.E.T.S.A.K. nagegaan en getoets of V.E.T.S.A.K. aan sy doel as sentrale aankoopkoöperasie beantwoord. Ons het bevind dat die sentrale nie die winsmotief nastreef nie, aangesien die brutowinspersentasie op omset slegs $\pm 7\%$ bedra, terwyl die nettowinspersentasie vir 1958 2.3% bedra. Op verskeie produkte het V.E.T.S.A.K. direkte besparings vir sy lede meegebring. Op andere weer is deur middel van prysoorloë die algemene pryspeil verlaag en indirekte besparings is meegebring.

Gedurende sy bestaan het V.E.T.S.A.K. se omset uitgebrei vanaf £130,263 in 1951 tot £1,287,242 in 1958. Die gemiddelde jaarlikse omset per lid het ook uitgebrei vanaf £11,149 tot £30,649 in 1958.

By die ontleding van die finansiële resultate van 1958 vind ons dat die voorraad 11.7 keer omgesit is, dat totale kapitaal 4 keer omgesit is en dat bedryfskapitaal 10.7 keer omgesit is. Die administratiewe koste het 4.1% van die totale omset bedra, terwyl salarisste 2.4% hiervan was.

Met betrekking tot ondersteuning deur lede het ons bevind dat dit uiters swak is. Die verhouding van aankope by V.E.T.S.A.K. tot omset van ledekoöperasies in landboubenodigdhede, toon dat die bedrag deur lede aangekoop slegs 4.5% van hulle omset bedra. Lede behoort 'n groter aandelebelegging in hulle sentrale te hê waardeur hulle belangstelling hopelik geprikkel sal word.

VERWYSINGS.

- 1) Rapport van komitee - gelewer op vergadering gehou op 15/6/50 te Parys.
 - 2) Statuut van V.E.T.S.A.K.
 - 3) Finansiële state van V.E.T.S.A.K.
 - 4) Georganiseerde Landbou, Oktober 1959.
 - 5) Vyfde Vakansiekursus in Koöperasieleer: Schmidt D.S.: Beheer in 'n Verbruikerskoöperasie. p.55.
 - 6) Verkry deur aftrekking van bedryfslaaste van bedryfsbate.
 - 7) Vgl. C. J. Bos a.w. p.121.
-

H O O F S T U K V I .

FINANSIERING VAN DIE ONDERNEMING.

1. BEGRIPSBEPALING.

In die bespreking oor finansiering wil ons graag onder die begrip finansiering die voorsiening in die kapitaalbehoefte van die onderneming verstaan.¹⁾

2. KAPITAALBEHOEFTES VAN DIE ONDERNEMING.

Alvorens ons die kapitaalbehoeftes van V.E.T.S.A.K. as sodanig wil nagaan, wil ons eers kortliks nagaan wat die aard van die kapitaalbehoeftes is.

a. Aard en indeling.

Die aard en indeling van die kapitaalbehoefte van 'n groothandelskoöperasie soos V.E.T.S.A.K. is in were dieselfde as die van enige ander onderneming. Beskikkingsmag vir die aankoop van grond, geboue, uitrusting, vir debiteure, voorrade, salarisse en ander lopende uitgawe word benodig.

Die algemene indeling van 'n onderneming se kapitaal is in vaste en bedryfskapitaal. Onder vaste kapitaal verstaan ons die belegging in redelik permanente bates met 'n lang omlooptyd. Hieronder is ingesluit grond en geboue, masjinerie en voorlopige bates. Bedryfskapitaal of werkende kapitaal verteenwoordig die belegging in vlopende bates soos kontant, debiteure, voorrade en wissels. Polak verkies dat slegs 'n indeling gemaak word wat onderskei tussen kapitaal met 'n lang omlooptyd, wat meer as een jaar neem om om te loop, en korttermynkapitaal wat binne een jaar omloop.²⁾ Coetzee voeg ook intermediêre kapitaal met 'n omlooptyd van 1 tot 10 jaar by, hoofsaaklik vir die vervanging van masjinerie en uitrusting.³⁾ Ons wil ons egter in hierdie bespreking slegs bepaal by korttermyn- en langtermynkapitaal.

Die kapitaalbehoeftes van die onderneming is dus ten nouste verbind met die termyn van kredietverlenging. Ons moet egter ook daarop let dat daar altyd 'n minimum behoefte aan korttermynkapitaal is. Hiervoor behoort dus ook op langtermyn verkry te word.

b. Die omvang van die behoeftes.

(1) Algemeen.

Die omvang van die kapitaalbehoeftes van 'n sentrale

koöperasie is van individuele aard en word bepaal deur die funksies wat hy verrig. 'n Bestelvereniging vir landboubenodigdhede waar lede goedere onmiddellik afneem en bestaal, sal weinig of geen kapitaal benodig nie. Hierdie tipe onderneming word egter nie in Suid-Afrika aangetref nie. Sodra daar egter 'n permanente inrigting of sentrale aankoopkoöperasie soos V.E.T.S.A.K. in die lewe geroep word, ontstaan 'n behoefte aan permanente bates asook bedryfskapitaal vir die doeltreffende funksionering van die onderneming.

'n Onderneming vir die aankoop van landboubenodigdhede verrig die funksies van versameling, opbergung en distribusie. Fabrieke dra egter voorrade tot kort voor die tyd wanneer die behoefte na die goedere ontstaan. Dit en die feit dat fabrieke ook leveransierskrediet verskaf, verlig die finansieringslas in 'n mate.

Die kapitaalbehoefte van 'n onderneming word ook grootliks deur sy beleid ten opsigte van huur en voorraadvorming bepaal. Dit is bv. moontlik vir 'n sentrale aankoopkoöperasie om 'n gebou te huur, aangesien so 'n onderneming nie gespesialiseerde uitrusting vereis nie. Hierdeur sou 'n onderneming sy behoefte aan vaste kapitaal kan verlaag. V.E.T.S.A.K. volg egter nie hierdie beleid nie, aangesien dit verreikende nadele inhoud. Huur skep onsekerheid, aangesien die verhuurder die kontrak na willekeur kan beëindig. Veral waar 'n sentrale aankoopkoöperasie op 'n goeie gehuurde standplaas gevestig is, sal konkurrente in die handel trag om die huurkontrak te beëindig of self te bekomen. Om kontinuïteit te bewaar het V.E.T.S.A.K. dit dus nodig gevind om sy eie grond en geboue aan te koop.

Die hou van voorrade verhoog ook kapitaalbehoefte. Die bedrag wat in voorrade belê is, sal ook weer op sy beurt afhang van die omsetsnelheid van die voorraad.

Die onderneming se beleid met betrekking tot diverse debiteure en diverse krediteure, m.a.w. leveransierskrediet en afnemerskrediet, sal ook 'n groot invloed op die kapitaalbehoefte hê. Die aard van die produkte wat gehanteer word, bepaal ook die omsetsnelheid van die kapitaal, m.a.w. die verhouding tussen kapitaal en omset. Dit het op sy beurt weer 'n groot invloed op die kapitaalbehoefte. Coetzee bereken dat die gemiddelde verhouding van kapitaal tot omset vir verskaffingsvereniginge vir boerderybenodigdhede 2.9 is.⁴⁾

(2) Langtermynbehoeftes

Die langtermynbehoefte van 'n onderneming bestaan in hoofsaak uit die bedrae wat aangewend word vir die aankoop van permanente bates, asook die minimum korttermynkapitaalbehoefte wat

liewer ook op langtermyn verkry moet word.

Die bedrae wat in vaste bate belê is soos weerspieël deur die balansstaat op 31 Desember 1958, is die volgende:

Grond, geboue en sylne	£59,500
Meublement en uitrusting	11,622
Motorvoertuie	<u>8,799</u>
	£79,921 5)

Wat betref die minimum korttermynkapitaalbehoefte wat op langtermyn verkry moet word, wil ons veral bepaal wat die behoeft met betrekking tot debiteure en voorraad is. Dit volg vanselfsprekend dat, indien krediteure uitgeskakel kan word of liewer stiptelik op 'n maandelikse basis betaal kan word, die onderneming op 'n kontantafslag sal kan aandring. Voorraad vorm 'n permanente behoeft veral met betrekking tot die minimum wat aangehou kan word. Wisselinge wat ontstaan, mag uit korttermynkapitaal aangevul word.

TABEL 16.

SKOMMELINGE IN VOORRAAD 1958.

<u>Datum</u>	<u>Bedrag</u>
1 Januarie 1958	£ 53,784
31 Maart 1958	66,164
30 Junie 1958	73,486
30 September 1958	152,349
31 Desember 1958	167,225

Hiervolgens was die voorraad op 1 Januarie 1958 op sy minimum nl. £53,784 en dit vorm dus die minimum kapitaalbehoefte vir belegging in voorrade.

Wat die minimum kapitaalbehoefte vir debiteure betref, wil ons eers 'n ontleiding maak van die wisselinge deur die jaar.

TABEL 17. 6)

ONTLEIDING VAN DEBITURESALDO'S 1958.

(tot die naaste £)

Maand	Bedrag aan begin van maand	Bedrag aan einde van maand
Januarie	£11,227	£ 89,020
Februarie	24,745	132,049
Maart	29,951	114,289
		... / April

Maand	Bedrag aan begin van maand	Bedrag aan einde van maand
April	£25,134	£121,115
Mei	23,286	125,508
Junie	27,953	158,048
Julie	18,485	139,240
Augustus	48,836	160,433
September	39,326	169,060
Oktober	41,507	174,857
November	31,762	137,210
Desember	25,968	96,085

Hierdie wisseling in die bedrag van debiteure kan waarskynlik beter geïllustreer word indien ons 'n grafiese voorstelling daarvan maak. (Sien Grafiek op bladsy 62).

Volgens hierdie grafiek kan die minimum kapitaalbehoefte geneem word soos weerspieël op die onderste grens vir November 1958 nl. 'n bedrag van £31,763. Die behoefte aan langtermynkapitaal kan dan ongeveer soos volg bereken word:

Benodig vir vaste bate	£ 79,921
Benodig vir voorraad	53,784
Benodig vir debiteuro	<u>31,763</u>
	£165,468

(3) Korttermynbehoefte.

Die korttermynbehoefte word weerspieël in die balans van vlottende bate nadat 'n sekere deel soos vantevore aangetoon, op langtermyn verkry word. Daar moet egter altyd daarteen gewaak word om nie 'n te skerp skeiding tussen langtermyn- en korttermynkapitaal te maak nie. Indien langtermynkapitaal 'n groter bedrag as die minimum bedra, bied dit voordele soos kontantkortings, winskopies, ens. Om die behoefte aan korttermynkapitaal te bepaal kan ons wel soos volg te werk gaan:

Bedrag van vlottende bate en beleggings	£264,797
Bedrag op langtermyn verkry (voorraad en debiteure)	<u>85,547</u>
	£179,250


Daar moet egter daarteen gewaak word om nie hierdie syfers as absoluut korrek te aanvaar nie. Die absolute waarde is maklik te bepaal, omdat

(a) waardevermindering direk na aankoop vir die volle bedrag afgeskryf word t.o.v. meubels en motorvoer-

GRAFIEK 3.

ONTLEDING VAN DEBITORE

Skaal: 1 dm = £ 30,000.



MAANDE.

tuie. Hierdie twee items is dan ook teen aankoop-prys geneem vir die berekening van kapitaalbehoeftes;

- (b) daar nog stille en geheime reserwes kan wees wat moeilik bepaalbaar is;
- (c) 'n balansstaat bly te alle tye 'n momentweergawe;
- (d) die kapitaalbehoefte mag oor 'n gegewe tydperk 'n steeds toenemende tendens toon, soos weerspieël in die grafiek oor die ontleding van debiteure.

3. METODES VAN FINANSIERING.

a. Finansiering deur eie middele.

Hieronder verstaan ons kapitaal wat regstreeks of onregstreeks deur lede voorsien word. Dit sluit in voorsiening deur middel van aandele, heffingsfondse, reserwes en onverdeelde winste.

(1) Aandelekapitaal.

V.E.T.S.A.K. verkry kapitaalfondse deur die uitreiking van aandele aan koöperatiewe maatskappye en verenigings wat lede is of aandele opneem met die doel om lid te word. Opsommend kan ons sê die aandele wat die maatskappy uitreik het die volgende kenmerke: ⁷⁾

- (a) Aandele is van dieselfde klas, waarde en rangorde.
- (b) Oproepe om aandelekapitaal mag nie een vierde van die nominale waarde van die aandele opgeneem oorskry nie en sulke oproepe mag nie binne een maand vanaf die laaste oproep betaalbaar wees nie.
- (c) Die Raad van Direkteure mag volle betaling van 'n lid ontvang vir die aandele wat deur hom opgeneem is.
- (d) Bonusse of rente op aandelekapitaal wat 'n lid toekom, word gebruik vir afbetaling van oproepe op aandele wat nog deur die lid betaalbaar is, en nog nie betaal is nie.
- (e) Aandele is slegs oordraagbaar met toestemming en magtiging van die Raad van Direkteure wat dit nag weier sonder om die redes te verskaf.
- (f) Die aanspreeklikheid van lede is beperk tot betaling van die nominale waarde van die aandele in sy besit en enige voorwaardelike aanspreeklikheid

wat aan die aandele verbonde mag wees. Met betrekking tot voorwaardelike aanspreeklikheid bepaal die statute van die maatskappy dat aandele met voorwaardelike aanspreeklikheid aan lede uitgereik mag word wat vrywilliglik daarom aansoek doen en dat sodanige voorwaardelike aanspreeklikheid £5,000 per aandeel nie te bove sal gaan nie.

- (g) Die besit van aandele is 'n vereiste vir lidmaatskap.
- (h) Die aandele van lede wat bedank het of wat geskors is word deur die maatskappy verbeurd verklaar en so 'n lid bly verantwoordelik vir die onopbetaalde bedrag van die nominale waarde van die aandele deur hom opgeneem.⁸⁾

Die opneem van groot getalle aandele vind nie maklik plaas nie. Die redes hiervoor moet kortliks gesoek word in die volgende: een aandeel is voldoende om lidmaatskap te verkry; aandele is nie verhandelbaar nie; bonusse, indien betaalbaar, word op omset betaal, wat op sy beurt weinig verband hou met aandeelhouding. Verder verhoog die waarde van aandele nie en reserwes is alleenlik by likwidasie verdeelbaar. As gevolg van bogenoemde redes besit koöperatiewe maatskappye dikwels nie voldoende aandelekapitaal nie.

'n Ander faktor wat lede waarskynlik terughou van hoë beleggings in die maatskappy, is die bepaling dat 'n lid wat bedank se aandele verbeurdverklaar word en dat die lid dan nogtans aanspreeklik gehou sal word vir die onopbetaalde deel van die nominale waarde van sy aandele. Hierdie bepaling is na my mening ietwat outokraties.

Indien 'n lid dus nie tevreden is met die diens wat V.E.T.S.A.K. aan hom lewer nie en hy bedank, verloor hy sy aandelebelegging^{en}, moet hy nog verder bydra tot die kapitaal van die maatskappy indien sy aandele nie ten volle opbetaal was nie. Lede sal altyd voel dat hulle belegging 'n groot risiko loop en hulle sal gevoleglik slegs 'n klein bedrag in die aandele belê.

Voordat ons oorgaan tot die bespreking van ander finansieringsmiddele, wil ons eers 'n kort ontleding van V.E.T.S.A.K. se aandelekapitaal maak.

TABEL 18.

ONTLEDING VAN DIE AANDELEKAPITAAL
VAN V.E.T.S.A.K. 1952 - 58. 9)

Boekjaar	Uitgereikte Aandele	Opbetaald	Persentasie op-betaalde bedrag tot totale aandelekapitaal (tot naaste %)	Persentasie op-betaalde bedrag tot totale kapitaal (Balansstaat: Laste)
1952	£18,172	£ 4,529	25%	4%
1953	33,697	7,758	23%	9%
1954	36,787	11,263	31%	9%
1955	39,056	18,464	47%	12%
1956	39,056	18,464	47%	10%
1957	43,556	18,914	43%	8%
1958	44,578	19,457	44%	6%

Uit bostaande tabel merk ons 'n geleidelike styging in die aantal uitgereikte aandele sowel as in die opbetaalde aandelekapitaal. Aangesien die ledetal weinig toegeneem het - slegs vanaf 37 lede by stigting tot 42 lede in 1958 en die uitgereikte kapitaal van V.E.T.S.A.K. gestyg het vanaf £17,931 tot £44,578 - moet ons aflei dat lede se aandelekapitaal heelwat toegeneem het. 'n Ontleding van die jongste beskikbare syfers toon 'n gemiddelde aandelebesit van £1,061 per lid en 'n gemiddelde opbetaalde bedrag van £463 per lid, teenoor 'n gemiddelde aandelebesit van £485 en 'n opbetaalde bedrag van £95 per lid aan die einde van die eerste jaar van werksaamhede. Dit blyk egter dat lede se belegging in aandelekapitaal nie tred gehou het met V.E.T.S.A.K. se uitbreiding nie. In 1958 het lede slegs 6% van die totale kapitaal voorsien deur middel van opbetaalde aandelekapitaal. Weens verskillende redes wat reeds tevore genoem is, sal koöperasies nie groot bedrae in die sentrale belê nie. Die aandelekapitaal van die maatskappy is dus onvoldoende en die vraag ontstaan of lede nie verplig moet word om aandele te besit volgens die omset met die maatskappy nie. Ons het tevore gemerk dat lede se aankope by V.E.T.S.A.K. in verhouding slegs 4.5% van hulle totale omset in landboubenodigdhede verteenwoordig.¹⁰⁾ 'n Verpligte hoër belegging sal nie die omset stimuleer nie. So 'n skema sal wel tot voordeel aangewend word, indien V.E.T.S.A.K. met lede 'n ooreenkoms kan aangaan dat lede aandele volgens hulle omset mot V.E.T.S.A.K. sal hou, maar dat hierdie aandele alleenlik toegeken sal word in die vorm van

... / volopbetaalde

volopbetaalde bonusaandele. Hierdeur behoort die omset met V.E.T.S.A.K. nie gestrem te word nie, maar eerder aangemoedig te word as gevolg van die bonusse in vlie vorm van aandele.

Op die huidige oomblik egter is die bestuur verplig om eie fondse te vergroot deur die stigting en uitbouing van reserwes. Aandelekapitaal is egter verkiesliker, omdat dit sekere belangrike voordele bied:

- (a) Rentekoerse is beperk tot maksimum 5% p.j. op die opbetaalde gedeelte. V.E.T.S.A.K. betaal 6%.
- (b) Aandele verskaf langtermynkapitaal, aangesien dit alleenlik terugbetaal word wanneer ledekoöperasies ophou om as 'n koöperasie te bestaan. Indien lede bedank, word die aandelekapitaal verbeurd verklaar.¹¹⁾
- (c) Aandelekapitaal vorm risikokapitaal, aangesien dit laaste uitbetaal word by likwidasie.
- (d) Die aandelekapitaal vorm 'n belangrike bron van sekuriteit vir lenings, aangesien lede aanspreeklik is vir die onopbetaalde gedeelte asook vir enige voorwaardelike aanspreeklikheid wat aan die aandele verbond mag wees.

(2) Reserwes.

By die bespreking oor die vorming van reserwes wil ons aan- sluit by Coetzee en onderskei tussen egte en onegte reserwes. "Echte reserwes beteken steeds die opoffering van die ekonomiese voordele waarop die lede geregtig is, ten gunste van die gesamentlike onderneming. Onegte reserwes daarenteen, is 'n normale las van die bedryfsvoering indien dit op ekonomiese gesonde basis wil geskied en die kapitaal in stand gehou word."¹²⁾ 'n Onegte reserwe is dus 'n reservering vir onkoste wat moontlik en waarskynlik sal voorkom. Hieronder kry ons o.a. reserwes vir vervanging van bates, slegte skulde, vir inkomstebelasting waar die koöperasie ook met nie-lede besigheid doen, ens. Hierdie tipe reserwes is baie nuttig solank dit tred hou met die omvang van die waarskynlike verlies of onkoste. So 'n reserwe kan egter ook buitengewoon groot wees. Dan verkry dit 'n meer permanente karakter en word een van die metodes van finansiering. Ons wil ons egter by hierdie bespreking hoofsaaklik bepaal by egte reserwes. Hieronder wil ons verstaan reserwes wat ontstaan het a.g.v. surplusse wat in die onderneming gehou word.

(a) Algemene Reserwe.

Die regulasies van die maatskappy bepaal: „Die wins of

.../ surplus

surplus voortvloeiende uit die verrigtings van die maatskappy gedurende enige boekjaar word, nadat voorsiening gemaak is vir waardevermindering van die eiendom van die maatskappy en vir enige onvoorsiene aanspreeklikheid vir verlies, in onderstaande volgorde aangewend kragtens 'n besluit geneem op die jaarlikse algemene vergadering vir daardie jaar:

- (i) Aan lede word rente betaal (teen hoogstens agt persent per jaar) op die bedrag wat hulle op hul onderskeie aandele opbetaal het;
- (ii) 'n bedrag wat nie minder mag wees as wat deur die Raad van Direkteure aanbeveel word nie, word in die reserwefonds gestort."¹³⁾

Die Algemene Reserwefonds kan vir enige doel aangewend word waarvoor aandelekapitaal aangewend mag word. Dit kan egter nie onder lede verdeel word nie, behalwe in geval van likwidasie. Die Wet beskou egter nie afskrywing van 'n verlies as verdeling onder lede nie.¹⁴⁾ Dit is dus heeltemal gewettig om verliese teen die Reserwefonds af te skrywe. Weinig koöperasies maak egter van hierdie vergunning gebruik.

Die Algemene Reserwe speel 'n baie belangrike rol by die finansiering van koöperasies. Aangesien lede onvoldoende kapitaal voorsien deur middel van die opneem van aandele, is die bestuur verplig om na ander langtermynkapitaal te soek. Die Algemene Reserwefonds verskaf in 'n groot mate die antwoord daarop. Guthmann & Dougall toon aan waarvoor openbare maatskappye reserwefondse stig o.a. vir waardeverhoging van aandele, die stabilisasie van diwidendkoers en so meer.¹⁵⁾ By koöperasies geld hierdie motiewe nie a.g.v. die wesentlike verskille met maatskappye. Die Algemene Reserwe speel egter 'n uiters belangrike rol as finansieringsmiddel. Dis permanente, rentevrye langtermynkapitaal waарoor die bestuur volle beskikkingsmag het. Dit word maklik geskep en gee aan die bestuur die moontlikheid tot uitbreiding wat weer op sy beurt mag lei tot groter surplusse in later jare.

Die skepping of jaarlikse vergroting van 'n reserwe bring egter ook opofferinge van lede mee. Coetzee meen dat bedrae op die reserwefonds geplaas vir lede verlore is, aangesien dit slegs by likwidasie verdeelbaar is. Dit bly onthouding van besparings wat aan lede toekom.¹⁶⁾ Die kommissie van ondersoek insake Koöperasie en Landboukrediet meen egter: „Die beleid om

reserwes op te bou is gesond en is die enigste praktiese metode, afgesien van die uitgifte van aandele, waarmee koöperasies 'n sterk finansiële stabiliteit en onafhanklikheid kan verkry."¹⁷⁾ Die beswaar dat die vergroting van die Reserwefondse vir lede verlore is,hou myns insiens in baie gevalle nie steek nie. Uitbreiding van die Reserwefonds bring tog uitbreiding van die koöperasie mee. As gevolg van die uitbreiding kan beter dienste en in baie gevalle teen 'n laer prys voorsien word, wat dan tot voordeel van lede strek. 'n Sentrale aankoopkoöperasie soos V.E.T.S.A.K. mag, wanneer sy reserwe sodanig uitgebrei het, toetree tot die fabriekswese en hierdeur kan nog groter besparings vir lede teweeggebring word. Die Reserwefonds mag ook 'n versadigingspunt bereik waarna groter surpluses as gevolg van die vergrote besigheid uitgekeer word.

Dit lyk dus asof dit 'n kwessie is of lede bereid is om groepsbelang voor individuele belang te stel. Indien die sentrale nou 'n sterk algemene reserwe opbou, sal dit in later jare in staat wees om beter diens teen lae pryse aan sy lede te lewer. Lede kan egter van V.E.T.S.A.K. verwag dat hy ten minste dieselfde diens as nie-koöperatiewe ondernemings sal lewer. In die verband kan ons meld dat V.E.T.S.A.K. op verskeie artikels direkte besparings vir lede meebring as gevolg van lae pryse. Die algemene prysbeleid van die maatskappy soos weerspieël in die brutowinspersentasie van $\pm 7\%$ ¹⁸⁾ dui ook daarop dat die diens wat V.E.T.S.A.K. aan lede verrig, beter is as die van nie-koöperatiewe ondernemings.

'n Beswaar wat egter teen die vergroting van die algemene reserwe ingebring kan word is dat huidige koöperateurs bydrae tot die kapitaal van die onderneming maak wat later deur 'n jonger geslag oorgeneem word. Nuwe lede wat weinig bydrae tot die algemene reserwefonds gemaak het, pluk dus die vrugte. Verder het groot toevoegings tot die reserwefonds waarskynlik tot gevolg die dislojali-teit van lede. Om hierdie rede behoort 'n stelsel waarvolgens bonusse in die vorm van volopbetaalde bonusaandele uitgekeer word, 'n beter verhouding tussen lid en centrale te bewerk.¹⁹⁾ Die beswaar dat huidige lede opofferinge tot voordeel van toekomstige lede maak, verval dan ook, aangesien lede se belegging in die centrale dan verhoog.

In die volgende tabel wil ons 'n ontleiding maak van die toevoeging tot die algemene reserwe van V.E.T.S.A.K.

TABEL 19.

ONTLEIDING VAN BEDRAE OP ALGEMENE RESERWEFONDS GEPLAAS.

Boekjaar	Bedrag na Alg. Reserwe (tot naaste £)	% van jaar- likse surplus (naaste %)	Saldo van Alg. Reserwe (tot naaste £)	Alg. Reserwas % van tot. kapitaal (Balansstaat: Laste)
1951/52	£ 7,209	30%	£ 7,209	7%
1952/53	8,004	73%	15,213	18%
1953/54	4,688	34%	19,902	13%
1954 half- jaar	6,871	51%	26,772	21%
1955	9,369	41%	36,141	23%
1956	19,785	86%	55,926	29%
1957	32,939	88%	88,865	38%
1958	26,688	90%	115,553	36%

Ons merk dat in die later jare die toevoeging tot die algemene reserwe geweldig uitgebrei het sodat daar in 1958 90% van die netto-wins op die algemene reserwe geplaas is. Hierdie goort toevoegings kan alleenlik geregtverdig word deurdat lede nie gewillig is om voldoende aandele in V.E.T.S.A.K. op te neem nie, en die bestuur weens noodsaklike uitbreiding genoop is om fondse te verkry. Die feit egter dat die reserwefonds in agt jaar gestyg het tot 'n bedrag van £115,553, toon hoe 'n belangrike finansieringsmiddel die algemene reserwe is. Dit word ook weerspieël in die feit dat die algemene reserwe van V.E.T.S.A.K. in 1958 reeds 36% van die totale kapitaal uitmaak.

(b) Reserwe vir Onvoorsiene Verliese.

Die statute van die maatskappy bepaal o.a. dat die fondse vir die verrigting van die werkzaamhede van die maatskappy verkry word deur „fondse deur die maatskappy verwerf, insluitende die reserwe-fondse“. Uit die wins- en verliesverdelingsrekenings van die maatskappy blyk dit dat bedrae op 'n reserwe vir gebeurlikhede geplaas is vir 'n aantal jare totdat hierdie reserwe voldoende opgebou is. Die doel van hierdie reserwe is om onvoorsiene verliese daarteen af te skryf.

TABEL 20.

BEDRAG VAN RESERWE VIR GEBEURLIKHEDE
VIR DIE LAASTE AANTAL JARE.

Boekjaar	Bedrag van Reserwe	% van totale kapitaal (Balansstaat: Laste)
1953	£17,500	21%
Junie 1954	25,000	16%
Des. 1954	30,000	23%
1955	40,000	25%
1956	40,000	21%
1957	40,000	17%
1958	40,000	12%

Uit 'n ontleding van die jongste balansstaat blyk dit dat die totale reserwes £160,731 bedra. Die reserwe vir gebeurlikhede vorm dus $\pm 25\%$ van die totale reserwes. Hierdie reserwe besit groot voordeel vir die onderneming, en wel daarin dat dit die onderneming stabiliseer. Dit sal dan nie later in geval van verliese nodig word om by lede aan te klop vir inbetalings om verliese te verhaal nie.

Die vraag ontstaan egter of onvoorsiene verliese die enigste motief is. Die reserwe dien ook as 'n finansieringsmiddel. Dit bied dieselfde voordele as die algemene reserwe maar is minder permanent omdat verliese daarteen afgeskryf kan word.

(c) Reserwe vir voorraaddepresiasiie.

'n Deel van die voorraad van die onderneming kan nie in goedereloodse geberg word nie, weens gebrek aan ruimte. Dit sluit hoofsaaklik in boustaal, draad, hangers en pale. Die hangers en pale word by die fabrieke vol teer gesmeer. In 'n groot mate is dit dus voordeilig dat hierdie goedere buite geberg word. Sodoende word dit meer hanteerbaar. Soms gebeur dit ook dat stropers vir 'n onbepaalde tyd buite geberg moet word.

Die maatskappy hou 'n reserwe vir voorraaddepresiasiie in stand. Hierdie reserwe beloop tans £5,000 wat $\pm 5.9\%$ van die totale voorraad bedra. Hierdie persentasie lyk nie buitensporig nie en dit is dus hoogs onwaarskynlik dat dit vir finansieringsdoeleindes aangewend word. Die goedere wat buite geberg word, is nie aan 'n hoë waardevermindering onderhewig nie. Blykbaar is dit dus nie vir die maatskappy betalend om nuwe bergplek op te rig nie. Die rente op

kapitaal in nuwe goedereloodse belê sal 'n baie hoër bedrag beloop as wat die waardevermindering tans is.

Die moontlikheid bestaan egter, maar dit kan nie uit die state afgelei word nie, dat voorraadopname reeds geskied teen waardes wat voorsiening maak vir hierdie waardevermindering, in welke geval die reserwe 'n stille reserwe sal wees wat vir finansiering aangewend kan word.

(d) Stille en geheime reserwes.

'n Geheime reserwe is 'n reserwe wat winste of surplusse verborg. Dit geskied meestal deur oorwaardering van laste of onderwaardering van bates. Waar die bestaan van so 'n reserwe uit die finansiële state blyk, noem ons dit 'n stille reserwe. So 'n stille reserwe ontstaan deurdat V.E.T.S.A.K. meublement en motorvoertuie afskryf tot 'n nominale bedrag van £1. 'n Ontleding van die finansiële state dui o.a. aan dat bates aangekoop en verminder tot 'n nominale bedrag van £1, se waardevermindering op die volgende te staan kom:

TABEL 21.

ONTSTAAN VAN STILLE RESERWE.

Bate	Kosprys	Waardevermindering	Huidige waarde.
Sylyn	£ 3,155. 0.0.	£ 3,154. 0.0.	£1
Omheining	737.10.0.	736.10.0.	£1
Ligte-installasie	769.10.3.	768.10.3.	£1
Meubels en kantoor-toebehore	11,622. 0.0.	11,621. 0.0.	£1
Werkswinkeluitrusting	58. 0.1.	57. 0.1.	£1
Werkswinkelgereedskap	852. 9.6.	851. 9.6.	£1
Kantoor- en stoornis-uitrusting	1,707.11.7.	1,706.11.7.	£1
Motorvoertuie	8,799. 0.0.	8,798. 0.0.	£1
TOTAAL	£27,701. 1.5.	£27,693. 1.5.	£8

Hieruit blyk dit dat bates aangekoop vir 'n bedrag van £27,701. 1. 5. verminder het tot £8, 'n waardevermindering van £27,693. Hierdie waardevermindering is uitermatig. Dit toon baie duidelik dat daar 'n aansienlike bedrag stille reserwe bestaan. Die bedrag van die reserwe is ^{moeglik} bepaalbaar, aangesien daar van hierdie oormatige waardevermindering die werklike waardevermindering

afgetrek moet word om die bedrag van die stille reserwe te bepaal. Werklike waardevermindering blyk nie uit die state nie.

So 'n oormatige afskrywe van bates voorsien in 'n deel van die kapitaal van 'n onderneming, deurdat daar 'n oorskot by realisasie sal wees. Die beswaar teen geheime reserwes kan alleenlik weer van die kant van lede wees, deurdat hulle 'n te hoë opoffering maak, maar hierdie prosedure wat deur die bestuur gevolg word, moet seker ook gewyt word aan die onvoldoende aandelekapitaal wat lede in hulle eie sentrale belê.

(e) Onverdeelde winste of surplusse.

Veral jonger koöperasies wat nog nie hulle voete gevind het nie, maak gebruik van die stelsel van onverdeelde winste. Dit is bedrae wat van jaar tot jaar oorgedra word op die winsverdelingsrekening, sonder dat dit toegeken word vir spesifieke aanwending. Hierdie praktyk is heeltemal geregtig en verskaf aan die jong onderneming veral bedryfskapitaal. As dit jaar na jaar herhaal word, verkry dit 'n permanente karakter en word 'n belangrike financieringsmiddel. Gedurende die eerste paar jaar van sy bestaan het V.E.T.S.A.K. dan ook van hierdie praktyk gebruik gemaak, maar het sedertdien daarvan afgesien.

(f) Roterende bonusstelsel.

In die lig van die besware wat teen 'n te hoë reservering geopper word, kan die stelsel van roterende of uitgestelde bonusbetaling baie besware uit die weg ruim en tog in 'n groot mate in die kapitaalbehoefte van 'n onderneming voorsien.

Die koöperasie verkry dan die reg om bonusse wat aan lede betaalbaar is na 'n uitgestelde bonusbetalingsfondsrekening oor te dra en elke lid dienooreenkomsdig te krediteer. Die statuut sal dan ook voorsiening moet maak dat rente op hierdie verskuldigde bonusse betaal sal word, sê teen hoogstens 5% p.j. Aflossing kan bv. eers na 'n tydperk van 10 jaar begin, m.a.w. dit gee 'n onderneming soos V.E.T.S.A.K. die geleentheid om hierdie fonds tot 'n groot stabiele fonds uit te brei. Na 10 jaar kan bonusse in rotasie afgelos word.

Ons wil nou kortliks nagaan watter voordele hierdie stelsel vir V.E.T.S.A.K. kan inhoud:

- (i) Hierdie stelsel behoort die belangstelling van lede te prikkel, sodat die ondersteuning deur lede aansienlik mag verbeter.

- (ii) Die stelsel voorsien in langtermynkapitaal teen 'n lae rentekoers.
- (iii) Die bonusbetalingsfonds sal op die balansstaat die-selfde waarde as die reserwefonds hê.
- (iv) Die fonds kan vir enige doel aangewend word, behalwe om verliese daarteen af te skryf.

Hierdie stelsel moet egter versigtig gehanteer word, aangesien daar ook sekere gevare aan verbonde is. By aflossing moet daar voldoende winste wees om die deel wat verval te kan betaal. 'n Oplossing hiervoor is om nie 'n te groot persentasie wins op so 'n uitgestelde bonusbetalingsfonds te plaas nie. 'n Ander oplossing is om nie 'n vasgestelde tydperk van terugbetaling te bepaal nie.

b. Finansiering deur vreemde middele.

(1) Algemeen.

Net soos by gewone ondernemings sal kredietverskaffers sekuriteit verwag ten opsigte van lenings wat aan 'n koöperasie gemaak word. Indien 'n lening deur middel van gereelde maandelikse of jaarlikse paaiemente afgelos word, verminder die risiko geleidelik.

Die sekuriteit wat vereis word deur krediteure, sal hoofsaaklik bestaan uit die hoeveelheid eie kapitaal, die bedrag onopbetaalde kapitaal wat as kollaterale sekuriteit kan dien indien gesedeer, ens. Persoonlike kennis van die onderneming, vertroue wat die Raad van Direkteure of bestuurder wek en vorige resultate van die onderneming speel 'n belangrike rol by die verkryging van lenings.

(2) Lenings voorsien deur die Land- en Landboubank.

Die Land- en Landboubank (kortweg genoem die Landbank) verleen finansiële bystand aan landbou-organisasies. Die Landbank verskaf beide kort- en langtermynlenings aan koöperasies.

(a) Langtermynlenings.

Die Landbankwet nr. 13 van 1944 maak voorsiening dat lenings aan koöperasies verskaf kan word vir die aankoop van grond, die oprigting van geboue en die installering van masjinerie. Hierdie lenings is terugbetaalbaar „binne 'n tydperk, maar hoogstens 40 jaar, en in paaiemente wat die Raad van die Land- en Landboubank bepaal.“²⁰⁾

In die praktyk merk ons egter dat die lenings meestal net vir 10 jaar toegestaan word, betaalbaar in gelyke paaie-mente. Die huidige rentekoers op lenings is $5\frac{1}{2}\%$ p.j.

Die Landbank verwag dat koöperasies sekuriteit vir sulke lening sal verskaf in die vorm van verbande, sessie van onopbetaalde aandelekapitaal, sessie van debiteure-skulde, ens. Verskeie besware teen die voorwaardes van die Landbank se langtermynlenings is geopper, o.a. dat die termyn te kort is vir die finansiering van vaste bate, dat die bank buitensporige sekuriteit vereis, dat dit lei tot inmenging in die koöperasie se sake, aangesien die bank die reg het om 'n amptenaar die direksievergaderings te laat bywoon.

Wat langtermynlenings by die Landbank betref, maak V.E.T.S.A.K. nie daarvan gebruik nie, aangesien die maatskappy voldoende fondse het om in sy langtermynbehoeftes te voorsien.

(b) Korttermynlenings.

Die Wet nr. 13 van 1944 magtig die Landbank ook om voorskotte aan koöperasies te maak in die vorm van kas-krediete. Die koöperasie maak 'n raming van die kapitaal-behoeftes vir o.a. voorrade soos in die geval van V.E.T.-S.A.K., en die bank maak dan 'n toekenning na goeddunke. Die koöperasie mag dan bedrae trek of stort op sy rekening, tot die toegestane maksimum bedrag. Rente word teen $5\frac{1}{2}\%$ p.j. op daaglikse saldo bereken.

Die Landbank vereis gewoonlik sessie van onopbetaalde aandele en sessie van skulde en aanspreeklikheid van lede wat die voordeel van die lenings verkry het, elk vir sy respektiewe deel.

Die termyn is gewoonlik een jaar. Lede dra dus direk die aanspreeklikheid vir terugbetaling en wel in verhouding met die voordeel wat hulle geniet het.

Hierdie bron van korttermynkrediet is vir koöperasies van onskatbare waarde, want dit voorsien in die korttermyn-behoeftes van koöperasies.

V.E.T.S.A.K. het dan ook reëlings met die Landbank waarvolgens 80% van die onopbetaalde aandelekapitaal op korttermynlening verkry kan word. Onderstaande tabel illustreer in hoeverre V.E.T.S.A.K. van hierdie kaskrediete gebruik gemaak het gedurende 1959.

TABEL 22.

KASKREDIETE BY DIE LANDBANK 1959.

Datum	Stortings	Trekking	Saldo verskuldig
April 7	-	£20,000	£20,000
23	£20,000	-	-
30	-	25,000	25,000
Junie 22	25,000	-	-
Julie	-	45,000	45,000
Julie	23,000	-	22,000
Aug. 6	-	25,000	47,000
Sept. 30	20,000	-	27,000
Sept.	27,000	-	-
Okt. 13	-	40,000	40,000
Okt. 15	20,000	-	20,000
21	20,000	-	-

(3) Lenings voorsien deur handelsbanke.

Handelsbanke speel reeds geruime tyd 'n belangrike rol by die finansiering van die landbou in die algemeen. In die jongste tyd toon handelsbanke ook belangstelling in die finansiering van koöperasies. Wat die besondere sekerheidstelling is wat handelsbanke verwag, sal wissel van geval tot geval, maar dit sal in hoofsaak afhang van die goeie naam, finansiële posisie en sekuriteit wat die koöperasies kan verskaf. Wat sekuriteit betref, merk ons uit V.E.T.S.A.K. se balansstaat soos op 31 Desember 1957 die volgende:

"Verbande geregistreer t.g.v. Handelsbanke.

'n Verband op grond en geboue ter waarde van £47,029 is geregistreer ten gunste van Volkskas Beperk, maar geen bedrag is daaronder verskuldig nie."²¹⁾

Hierdie verband is aangegaan ter dekking van korttermyn-krediet by Volkskas verkry. V.E.T.S.A.K. het 'n ooreenkoms met Volkskas waarvolgens die onderneming 'n bankoortrekking van £75,000 mag aangaan. Die bank verdiskonter ook wissels wat die onderneming op lede en ander debiteure trek.

Solank handelsbanke oor ruim fondse beskik, mag hierdie 'n goeie bron van finansiering wees, maar die fasiliteite mag onverwags ingekort word en dit kan 'n koöperasie in 'n moeilike posisie plaas.

Die balansstaat van 1958 toon aan dat die lopende rekening by Volkskas £37,819 oortrokke is. Ons wil nou nagaan watter persentasie dit van die onderneming se bedryfs- of werkende kapitaal bedra.

$$\begin{aligned}\text{Bedryfsbate} &= \text{£264,797} \\ \text{Bedryfslaste} &= \underline{\text{144,111}} \\ \text{Bedryfskapitaal} &= \underline{\text{£120,686}}\end{aligned}$$

Oortrokke banksaldo as % van bedryfskapitaal bedra dus

$$\frac{37,819}{120,686} \times \frac{100}{1} \% = 31.3\%$$

(4) Bedrae aan krediteure verskuldig.

V.E.T.S.A.K. maak op groot skaal gebruik van krediteure. Om die bedrag aan krediteure verskuldig alleen as maatstaf vir beoordeling te neem, is nie wenslik nie en daarom word in die volgende tabel die bedrag aan krediteure verskuldig uitgedruk as 'n persentasie van die totale kapitaal en as 'n persentasie van die aankope. Vir die ontleding maak ons gebruik van die finansiële state van die afgelope drie jaar.

TABEL 23.

ONTLEIDING VAN KREDITEURE-SKULD.

Boekjaar	Bedrag verskuldig aan krediteure	Kred. as % van totale kapitaal (Balansstaat: Laste)	Kred. as % van aankope
1956	£68,329	35%	9%
1957	72,455	31%	7%
1958	98,742	30%	8%

Indien ons die krediteure vir 1958 met die voorraad vergelyk, merk ons dat krediteure 59% van die voorraad bedra.

Dit blyk dus dat V.E.T.S.A.K. op aansienlike skaal gebruik maak van afnemerskrediet. In 'n groot mate is dit moontlik te wyte aan leweransierskrediet wat verskaf word. Tog meen ek dat 'n sentrale aankoopkoöperasie soos V.E.T.S.A.K. dit ernstig moet oorweeg om aankope op groter skaal op 'n kontantbasis te doen en sodoeende nog groter besparings vir sy lede te verkry. Oormatige gebruikmaking van afnemerskrediet hou ook die gevaar in dat sekere verpligte teenoor bepaalde leweransiers mag ontstaan. Verder bly dit ook 'n baie onsekere metode van finansiering, aangesien dit te eniger tyd ingekort mag word.

4. DIE VERHOUDING VAN EIE KAPITAAL TOT VREEMDE KAPITAAL.

Om die verhouding tussen eie en vreemde kapitaal te kan bespreek, moet ons allereers weet wat met eie en vreemde kapitaal bedoel word. Onder eie kapitaal verstaan ons fondse wat regstreeks d.m.v. aandele en onregstreeks d.m.v. reserwes en onverdeelde winste, deur lede verskaf word. Onder vreemde kapitaal word bedoel fondse wat uit vreemde bronne verkry word, m.a.w. alle skulde van 'n onderneming.

Dit bly te alle tye vir koöperasies 'n gevaar om in 'n te groot mate afhanklik te wees van eksterne bronne. Gedurende moeilike en skaars tye kan fasilitete beperk word. Verder mag die gebruikmaking van eksterne bronne daartoe lei dat dit inmenging in die beheer en bestuur van die betrokke koöperasie meebring. So verkry die Landbank bv. die reg om 'n verteenwoordiger te stuur om direksievergaderings by te woon, waar die Landbank lenings aan sodanige koöperasies verskaf het.

Hoe groter die selffinansiering is, hoe makliker sal die onderneming funksioneer. Omdat daar dan groter sekuriteit is, sal geld makliker van eksterne bronne verkry kan word. Hoe meer lede in hulle die onderneming belê, hoe groter sal hulle belangstelling in die saak wees, en sal hulle trag om hulle eie belangte beskerm.

In die V.S.A. word dit as normaal beskou as 'n koöperasie 60% van die waarde van sy vaste bates uit eksterne bronne verkry en as hy bedryfskapitaal vier keer soveel as sy eie uit vreemde bronne verkry.
²²⁾

Om V.E.T.S.A.K. hieraan te toets maak ons 'n ontleding van die kapitaalstruktuur soos uiteengesit in die balansstaat soos op 31 Desember 1958.

TABEL 24.
EIE EN VREEMDE KAPITAAL.

Bedrag eie kapitaal op langtermyn verskaf	% van totale kap. (Balansstaat: Laste)	Surplus bo langtermynbehoefte ²³⁾
£180,188	56%	£16,720
Bedrag eie kapitaal op korttermyn verskaf	% van totale kap.	
£ 16,091	5%	
Bedrag vreemde kapitaal op korttermyn verkry	% van totale kap.	
£128,020	± 39%	

... / Bedrag

Bedrag eie kapitaal
vir korttermynbehoefte
aangewend

Surplus bo	
langtermynbehoefte	£16,720
Krediet deur lede	<u>16,091</u>
Totaal	<u>£32,811</u>

Uit hierdie ontleding blyk dit dat lede in al die langtermynbehoeftes van die onderneming voorsien. Die lede se totale kapitaalbydrae bedra 61% van die totale kapitaal teenoor 39% vreemde kapitaal. Lede se korttermynbydrae vorm slegs 5% van die totale kapitaal, terwyl vreemde bronne 39% verskaf. Dit blyk egter dat langtermynkapitaalvoorsiening 'n oorskot toon van £16,091 bo die langtermynbehoefte soos voorheen bereken. Die totale bedrag wat dus vir korttermynbehoeftes aangewend word uit eie fondse, bedra £32,811 teenoor £128,020 wat uit vreemde fondse verkry word. Soos reeds gemeld, word dit as normaal beskou indien 'n koöperasie vier keer soveel korttermynkapitaal leen as wat hy self verskaf. Toets ons die verhouding van vreemde kapitaal tot eie kapitaal, kry ons £128,020 : £32,811 wat baie naby 'n verhouding van 4:1 is.

Ons kan dan tot die volgende gevolgtrekkinge kom m.b.t. V.E.T.-S.A.K. se kapitaal:

- a. Lede dra meer as 60% van die totale kapitaal van die onderneming by.
- b. Lede voorsien ten volle in die vaste kapitaalbehoefte van die onderneming.
- c. Lede se bydrae in korttermynkapitaal bedra ongeveer een vierde van die bedrag deur nie-lede verskaf.

Uit die ontleding blyk dit dat V.E.T.S.A.K. 'n gunstige verhouding tussen eie en vreemde kapitaal toon, veral m.b.t. langtermynbehoefte.

5. SAMEVATTING.

Ons het aangedui dat die kapitaalbehoeftes van 'n onderneming afhang van die soort, die produk wat hy hanteer, van die beleid van die onderneming m.b.t. kredietverlening en voorraadvorming.

Voorts het ons die metodes van finansiering bespreek. Eers-tens het ons dan die bydraes van lede bespreek waaronder aandelekapitaal en reserwes sorteer. Hieruit blyk dit dat lede onvoldoende aandelekapitaal in die onderneming besit. Die bestuur is

dus genoodsaak om reserwes te stig en in stand te hou. V.E.T.S.A.K. het dan ook ruim reserwes opgebou. Tweedens het ons kapitaalvoorsiening deur vreemde bronne bespreek. V.E.T.S.A.K. maak gebruik van die Landbank, van 'n handelsbank en van krediteure.

Laastens het ons die verhouding tussen eie kapitaal en vreemde kapitaal nagegaan en ons het bevind dat V.E.T.S.A.K. 'n gunstige verhouding tussen eie en vreemde kapitaal handhaaf. Dit het die voordeel dat die onderneming nie te afhanklik van eksterne bronne is nie. 'n Skielike inkrimping in algemene kredietverskaffing behoort die maatskappy nie te affekteer nie.

VERWYSINGS.

- 1) Vgl. Polak a.w. p 1. „financiering is gewoonlik niet verschaffen van concrete kapitaalgoederen, maar verschaffing van geld en geldsurrogaten, waardoor men de macht verkrijgt over de nodige goederen te beschikken“.
 - 2) Polak a.w. p. 49.
 - 3) Coetzee a.w. p. 79.
 - 4) Coetzee a.w. p. 82 Tabel 7.
 - 5) Meublement en Uitrusting en Motorvoertuie is teen aankoopprys geneem, aangesien dit afgeskryf is tot £1 elk.
 - 6) Deur die bestuurder van V.E.T.S.A.K. verstrek.
 - 7) Statute van die maatskappy - p. 2 - 5.
 - 8) " " " " - artikel 23 & 24.
 - 9) ¹Verkry uit finansiële state van V.E.T.S.A.K.
 - 10) Vgl. Tabel nr. 15.
 - 11) Vgl. vorige bespreking p. 64.
 - 12) Coetzee a.w. p. 116.
 - 13) Statute van die Maatskappy - Artikel 76.
 - 14) Wet op Koöperatiewe Verenigings - Artikel 24.
 - 15) Guthmann & Dougall: Corporate Financial Policy. New York 1952 p. 401 - 403.
 - 16) Coetzee a.w. p. 119.
 - 17) Verslag van „Kommissie om onderzoek in te stel insake Koöperasie en Landboukrediet“ UG 16/1934. p. 146.
 - 18) Vgl. prysbeleid en brutowinspersentasie van die maatskappy p. 41 en 42.
 - 19) Vgl. Ondersteuning deur lede p. 53 en 54.
 - 20) Wot nr. 13 van 1944 - Artikels 35 en 36.
 - 21) Voetnota onderaan balansstaat soos op 31/12/57.
 - 22) Bakken & Schaars a.w. p. 356.
 - 23) Vgl. berekening soos uiteengesit onder kapitaalbehoeftes p.60.
-

H O O F S T U K V I I

SLOTBESKOUING.

Ons het getrag om in hierdie studie die behoefté wat daar bestaan aan 'n sentrale aankoopkoöperasie na te gaan. Ons het die voorsiening van daardie behoefté deur V.E.T.S.A.K. as sentrale aankoopkoöperasie aangetoon, en vrae wat in daardie verband ontstaan het, beantwoord. Ten slotte volg 'n samevatting en 'n beoordeling van V.E.T.S.A.K. as 'n sentrale aankoopkoöperasie.

V.E.T.S.A.K. het sy ontstaan daarvan te danke gehad dat koöperateurs rondom die jare 1948 - 1950 die mening gehuldig het dat die ou Suid-Afrikaanse Boeresake (Federaal Koöperatief) Bpk. nie aan sy doelstellings kon beantwoord nie, aangesien sake te uitgebreid geraak het om op 'n uniale grondslag te doen. Desentralisasié is beoog, aangesien daar gemeen is dat afsonderlike sentrales in verskillende dele van die land beter behoort te funksioneer. Die huidige drie sentrale aankoopkoöperasies het toe ontstaan. Reeds met sy stigting het V.E.T.S.A.K. besluit om 'n versigtige beleid te volg en uit die mislukkings van die verlede te leer.

Die onderneming is te Isando, Kemptonpark, gevestig waar dit sy eie doeltreffende gebou besit. Die interne organisasie van die onderneming is puik en die administrasie is gesond. Die onderneming tesame met nege ander sentrale landboukoöperasies, en die twee ander aankoopsentrales maak die ledetal uit van die Federale Landboukoöperasie van Suid-Afrika Beperk. Hierdie federale tesame met koöperatiewe organisasies van elk van Nieu-Seeland, Rhodesië en Australië is die aandeelhouers in „Overseas Farmers' Co-operative Federations Ltd." Laasgenoemde organisasie behartig die belang van sy lede met betrekking tot bemarking en die aankoop van landboubenodigdhede oorsee.

Die handelsafdeling van V.E.T.S.A.K. is in verskeie departemente opgedeel. Die beleid van die maatskappy is dan ook om steeds versigtig uit te brei en nuwe afdelings toe te voeg sodra dit geregtig is.

Die doel waarvoor V.E.T.S.A.K. gestig is, is hoofsaaklik om op 'n kollektiewe basis landboubenodigdhede plaaslike en oorsee aan te koop en dit op 'n koöperatiewe wyse onder sy lede te versprei.

In hoeverre die maatskappy daarin geslaag het, blyk uit die styging in omset vanaf £449,406 in 1952 tot £1,287,242 in 1958. Gedurende dieselfde tydperk het die gemiddelde omset per lid

gestyg vanaf £11,149 tot £30,649. Die maatskappy hanteer ook 'n groot verskeidenheid produkte. Die maatskappy bring baie direkte besparings vir sy lede mee. Deurdat die brutowinspersentasie so laag as $\pm 7\%$ is, is dit duidelik dat die onderneming die koöperatiewe gedagte van diens aan sy lede nastreef. Baie produkte word aan lede verskaf teen veel laer pryse as wat lede dit in die handel kan verkry. Ook op ⁱⁿ direkte wyse word besparings aan lede tweeggebring. V.E.T.S.A.K. voer in baie gevalle prysoorloë en dwing sodoende die algemene pryspeil af waardeur die landbou as 'n geheel baat.

Die omsetsnelheid van die verskillende afdelings is besonder hoog veral in die geval van staal- en omheiningsmateriaal wat 'n omsetsnelheid van 19.5 het. Die omsetsnelheid van kapitaal is ± 4 en dié van bedryfskapitaal 10.7. Beide hierdie syfers weerspieël 'n normale gebruik van kapitaal.

'n Ander wyse waaraan die doeltreffendheid van 'n onderneming getoets word, is om die totale administrasiekoste as 'n persentasie van die omset uit te druk. V.E.T.S.A.K. se totale administrasiekoste vir 1958 bedra 4.1% van die omset terwyl salarisso 2.4% van die totale omset uitmaak. Die nettowins vir 1958 het slegs 2.3% van die omset uitgemaak.

Ondersteuning van ledekoöperasies behoort aansienlik beter te wees. 'n Vergelyking van ledekoöperasies se aankope by V.E.T.S.A.K. met hulle omset in landboubenodigdhede toon dat hierdie aankope slegs 4.5% van die omset in landboubenodigdhede bedra. In 'n groot mate moet dit seker gewyt word aan die feit dat V.E.T.S.A.K. nie alle landboubenodigdhede hanteer nie, waarskynlik as gevolg van gebrek aan kapitaal. Om die gebrek aan eie kapitaal aan te vul het die bestuur in die verlede aansienlike bedrae op 'n algemene reserwe geplaas, sodanig dat hierdie fonds tans £115,553 bedra. Winste word jaarliks byna in sy geheel oorgedra na die reserwerekening. Hierdie prosedure mag ook grootliks daartoe bydra dat lede nie die ondersteuning bied wat hulle behoort te bied nie. Om die ondersteuning van lede te geniet behoort 'n stelsel gevolg te word waarvolgens ten volle opbetaalde bonusaandele aan die lede uitgereik word. Lede sal dan voel dat hulle deel in die winste van die onderneming. Al word die bonusse in aandele omskep, sal dit 'n gevoel van lojaliteit wek. 'n Ander stelsel wat ook oorweging behoort te geniet, is die van uitgestelde bonusse. Bonusse word verklaar, maar op 'n uitgestelde bonusbetalingsfonds oorgedra op die naam van elke lid wat daarop geregtig is. Na tien jaar of so begin aflossing dan in rotasie.

Die verhouding tussen eie en vreemde kapitaal is gunstig. Langtermynkapitaal word uit eie fondse verskaf. Hierdie langtermynkapitaal wat uit eie fondse verskaf word, bedra 56% van die totale kapitaal. Verder word korttermynkapitaal, gelyk aan 5% van die totale kapitaal, ook deur lede verskaf. Die orige 39% van die totale kapitaal dek die res van die korttermynbehoefte en word alles uit vreemde bronne verkry. Tesame met die minimum korttermynbehoeftes wat op langtermyn verkry is, voorsien lede ongeveer een vyfde van die totale korttermynkapitaalbehoefte.

Die vraag ontstaan nou of die sentrale aankoopkoöperasie tot sy reg kom en of dit 'n bestaansregverdiging het as lede slegs 4.5% van hulle omset in landboubenodighede by V.E.T.S.A.K. aankoop. Na my mening kom die sentrale nog nie ten volle tot sy reg nie. Ek sou graag wou sien dat V.E.T.S.A.K. nog uitgebou word tot 'n onderneming wat kunsmis, brandstof, sakke, mengvoer ens. sal hanteer. So 'n sterk posisie is egter alleenlik moontlik indien lede voldoende steun aan hulle aankoopsentrale toesê en genoegsame kapitaal voorsien. Dit kan V.E.T.S.A.K. dan selfs in staat stel om tot die fabriekswese toe te tree en self landboubenodighede te vervaarmig of te verwerk. Die onderneming se bestaansregverdiging lê egter daarin dat hulle algemene pryse afdwing en stabiliseer soos tans die geval is met sink en skottelploegskare.

Ten slotte wil ek net meld dat die onderneming na my mening kerngesond is en dat dit die koöperatiewe beginsels ten volle uitleef.

BYLAE A.

OPSOMMING VAN BALANSSTATE 1950/51 - 1954.

	1950/51	1951/52	1952/53	1953/54	1954 (Halfjaar)
Vaste bate	£ 900	£ 15,957	£ 15,224	£ 21,307	£ 20,760
Beleggings	272	1	1	24	24
Vlottende bate	<u>36,208</u>	<u>88,637</u>	<u>67,552</u>	<u>136,895</u>	<u>105,760</u>
Totale bate	<u>37,380</u>	<u>104,595</u>	<u>82,777</u>	<u>158,226</u>	<u>126,544</u>
Lopende verpligtinge:					
Lede	17,323	28,116	4,719	6,131	2,312
Nie-lede	<u>16,526</u>	<u>64,740</u>	<u>31,587</u>	<u>90,930</u>	<u>46,051</u>
Totaal	<u>33,849</u>	<u>92,856</u>	<u>36,306</u>	<u>97,061</u>	<u>48,363</u>
Surplus Bate bo Laste	<u>3,531</u>	<u>111,739</u>	<u>46,471</u>	<u>61,165</u>	<u>78,181</u>
Reserwes	-	7,208	38,713	49,902	61,722
Opbetaalde Aandelekapitaal	<u>3,531</u>	<u>4,531</u>	<u>7,758</u>	<u>11,263</u>	<u>16,409</u>
Totaal	<u>3,531</u>	<u>11,739</u>	<u>46,471</u>	<u>61,165</u>	<u>78,181</u>

1955 - 1958.

	1955	1956	1957	1958
Vaste Bate	£ 25,135	£ 24,031	£ 52,182	£ 59,502
Beleggings	103	105	656	410
Vlottende bate	<u>134,361</u>	<u>168,890</u>	<u>180,745</u>	<u>264,387</u>
Totale bate	<u>159,599</u>	<u>193,026</u>	<u>233,583</u>	<u>324,299</u>
Lopende verpligtinge:				
Lede	5,739	-	3,913	16,091
Nie-lede	<u>54,176</u>	<u>73,407</u>	<u>76,219</u>	<u>128,020</u>
Totaal	<u>59,915</u>	<u>73,407</u>	<u>80,132</u>	<u>144,111</u>
Surplus Bate bo Laste	<u>99,684</u>	<u>119,619</u>	<u>153,451</u>	<u>180,188</u>
Reserwes:				
Opbetaalde Aandelekapitaal	<u>81,220</u>	<u>101,005</u>	<u>134,444</u>	<u>160,731</u>
Totaal	<u>18,464</u>	<u>18,614</u>	<u>19,007</u>	<u>19,457</u>
	<u>99,684</u>	<u>119,619</u>	<u>153,451</u>	<u>180,188</u>

LYS VAN GERAADPLEEGDE WERKE

- Aaltonen E.: Consumer Co-operation in Finland. Helsinki 1954.
- Abrahamsen M.
& Scearce J. L.: Operations of Major regional Purchasing Co-operatives 1941 - 1951. Washington 1953.
- American Institute of Co-operation: American Co-operation. A Collection of Papers and Discussions. Washington 1958.
- Ames J. W.: Co-operative Sweden to-day. Manchester 1952.
- Bekken H. H. en Schaars M. A.: The Economics of Co-operative Marketing. New York 1937.
- Bos C. J.: Sentraal-Wes as Landboukoöperasie. Potchefstroom 1956.
- Coetzee F. J. J.: Landboukoöperasie in Suid-Afrika met besondere verwysing na die finansiering. Leiden 1957.
- Co-operative League of the U.S.A.: The Co-operative League Yearbook 1950. Washington 1950.
- Draheim G.: Die Genossenschaft als Unternehmungstyp. Göttingen 1952.
- Fay C. R.: Co-operation at Home and Abroad Vol. I. London 1948.
- Groskopf J. F. W.: Koöperasie in Suid-Afrika. Kaapstad 1923.
- Guthmann & Dougall: Corporate Financial Policy. New York 1952.
- Kommissie om Ondersoek in te stel insake Koöperasie en Landboukrediet: Verslag U.G. 16/1934.
- Koöperatiewe Raad van die Suid-Afrikaanse Landbou-unie. Artikel in: Georganiseerde Landbou. Oktober 1959.
- Minderhoud J. G.: Landbouw-Coöperatie in Nederland. Groningen 1949.
- Polak N. J.: Eenige grondslagen voor de financiering der onderneming. Haarlem 1950.
- Redaksioneel: Koördinasie in die Koöperatiewe Beweging, in: Boerdery in Suid-Afrika. Januarie 1930.
- Retief J.: Division of Co-operation Appendix XIII. Annual Report 1916/17.
- Smal J. G. C.: Landboukoöperasie in Suid-Afrika tot 1933: Ontstaan, Groei en Ekonomiese Betekenis. Potchefstroom 1958.
- Van Stuyvenberg J. H.: Het Centraal Bureau. Rotterdam 1949.
- Van Wyk S. P.: Ekonomiese belangrikheid van Meganisasie in die Landbou - Afdeling Ekonomie en Markte 1955.
- Wehmeyer I. S.: Artikel: Belangrikheid van die vakanskursus in Koöperasieleer van die oogpunt van die Registrateur. in: Derde Vakanskursus in Koöperasieleer. Stellenbosch 1954.
- Zacharias O. E.: Artikel: Planning for the future. in: American Co-operation. a.w. Washington 1958.